BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c **Dinsdag, 10 Desember 1968** **WINDHOEK** **Tuesday, 10 December 1968** **No. 2949**

INHOUD **CONTENTS** *Bladsy/Page*

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 195 Regulasies Betreffende die Standaarde van Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1968 1933

GOVERNMENT NOTICE:

Regulations Relating to the Standards of Food, Drugs and Disinfectants, 1968 1933

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 195.] [10 Desember 1968

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikels 13 en 42 van die Ordonnansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952) die volgende regulasies ter vervanging van dié afgekondig by Goewermentskennisgewing 103 van 8 Mei 1956 dwarsdeur die Gebied Suidwes-Afrika toe te pas.

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 195.] [10 December 1968

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by sections 13 and 42 of the Food, Drugs and Disinfectants Ordinance, 1952 (Ordinance 36 of 1952) to apply the following regulations throughout the Territory of South West Africa in substitution for those promulgated under Government Notice 103 of 8 May 1956.

REGULASIES BETREFFENDE DIE STANDAARDE VAN VOEDINGS-, GENEES- EN ONTSMETTINGSMIDDELS.

INHOUD.

Regulasie:		*Bladsy:*
1.	Algemeen	1936
2.	Etiketering	1936
3.	Verbod op Ongesonde of Giftige Stowwe in Voedsel	1938
4.	Verbod op Artikels, Middels of Toestelle wat vir Vervalsing gebruik kan word	1940
5.	Bederfwerende Middels in Voedsel	1940
6.	Kleursel, Geursel, Verdikkinge en Kunsmatige Versoetende Stowwe in Voedsel	1942
7.	Melk en Melkprodukte	1944
8.	Room	1946
9.	Botter, Margarien en Ghee	1946
10.	Kaas	1947
11.	Roomys en Roomysprodukte	1948
12.	Graansoorte	1948
13.	Bakpoeier en ander Suurdeegstowwe	1950
14.	Vleis, Vis en Preparate daarvan: Eetbare Vet en Eetbare Olies: Minerale Olie	1950
15.	Tee	1955
16.	Koffie, Koffiemengsel en Koffiepreparate	1955
17.	Sigorei	1956
18.	Kakao en Sjokolade	1956
19.	Vla- en Poedingpoeier	1957
20.	Kerriepoeier, Borriesamestellings en Rissiepoeier	1957
21.	Gemmer	1957
22.	Mostert	1957
23.	Peper	1957
24.	Naeltjies en ander Speserye	1958
25.	Souse en Blatjangs	1958

REGULATIONS RELATING TO THE STANDARDS OF FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS.

INDEX.

Regulation:		*Page:*
1.	General	1936
2.	Labelling	1936
3.	Prohibition of Unwholesome or Poisonous Substances in Food	1938
4.	Prohibition of Articles, Devices or Appliances used for Purposes of Adulteration	1940
5.	Preservatives in Food	1940
6.	Colouring, Flavouring, Thickening and Artificial Sweetening Substances in Food	1942
7.	Milk and Milk Products	1944
8.	Cream	1946
9.	Butter, Margarine and Ghee	1946
10.	Cheese	1947
11.	Ice-cream and Ice-cream Products	1948
12.	Cereals	1948
13.	Baking Powder and other Leavening Substances	1950
14.	Meat, Fish and their Preparations: Edible Fats and Edible Oils: Mineral Oil	1950
15.	Tea	1955
16.	Coffee, Coffee Mixtures and Preparations of Coffee	1955
17.	Chicory	1956
18.	Cocoa and Chocolate	1956
19.	Custard Powder and Pudding Powder	1957
20.	Curry Powder, Borrie Compound and Chillie Powder	1957
21.	Ginger	1957
22.	Mustard	1957
23.	Pepper	1957
24.	Cloves and other Spices	1958
25.	Sauces and Chutneys	1958

26. Konfyt, Konserf, Marmalade, Vrugtejellies, ens. 1958

27. Suiker, Suikergoed, Dekstrose en Versiersuiker 1962

28. Vrugtesappe, Verdunde Vrugtesappe, Versoete Verdunde Vrugtesappe, Gekonsentreerde Vrugtesappe, Vrugte Purees en Vrugte Nektars: Vrugtestrope, Vrugtedranke, „Crushes" en Kwaste: Gegeurde Dranke: Deurlugte- of Mineraalwaters: Groentesappe 1963

29. Bederfbare Artikels 1966

30. Bederfwerende Middels wat Inspekteurs moet gebruik 1966

31. Geneesmiddels en Hollandse Medisyne . . 1967

32. Ontsmettingsmiddels 1970

33. Kougom 1970

34. Tabak, Sigare, Sigarette en Snuif . . . 1970

35. Salwe, Smeergoed en Poeiers: Tandepasta, Tandepoeiers en Mondspoelmiddels . . . 1970

36. Seep 1971

37. Pligte van Analiste, Patoloë en Inspekteurs 1971

38. Registrasie van Algemene Waarborg . . 1972

39. Vitamines 1972

40. Heuning 1972

41. Sout 1972

41*bis*. Asyn 1973

42. Fungus-Geproduseerde Toksiene 1975

43. Eetbare Gelatien 1975

44. Beskerming van Voedsel 1976

45. Strafbepalings 1977

26. Jam, Conserve, Marmalade, Fruit-Jelly, etc. 1958

27. Sugar, Confectionery, Dextrose and Icing Sugar 1962

28. Fruit Juices, Diluted Fruit Juices, Sweetened Diluted Fruit Juices, Concentrated Fruit Juices, Fruit Purees and Fruit Nectars, Fruit Syrups, Cordials, Crushes and Squashes, Flavoured Beverages or Drinks, Aerated or Mineral Waters, Vegetable Juices . . . 1963

29. Perishable Articles 1966

30. Preservatives to be used by Inspectors . . 1966

31. Drugs and Dutch Medicines 1967

32. Disinfectants 1970

33. Chewing-Gum 1970

34. Tobacco, Cigars, Cigarettes and Snuff . . 1970

35. Ointments, Creams and Powders; Toothpaste, Tooth Powders and Mouth Washes . . . 1970

36. Soap 1971

37. Duties of Analysts, Pathologists and Inspectors 1971

38. Registration of General Warranty . . . 1972

39. Vitamins 1972

40. Honey 1972

41. Salt 1972

41*bis*. Vinegar 1973

42. Fungus Produced Toxines 1975

43. Edible Gelatine 1975

44. Protection of Foodstuffs 1976

45. Penalties 1977

REGULASIES OP VOEDINGS-, GENEES- EN ONTSMETTINGSMIDDELS.

ALGEMEEN.

1. In hierdie regulasies, tensy dit strydig is met die sinsverband of tensy daar anders bepaal word —

(a) het woorde en uitdrukkings wat by artikel 44 van die ordonnansie bepaal word, onderskeidelik die betekenis wat daar aan elk in daardie artikel gegee word;

(b) beteken dele, verhoudings en persentasies dele, verhoudings en persentasies *per gewig;*

(c) moet letters wat op etikette gebruik moet word, duidelik wees en die onderstaande drukkersmate nakom:

REGULATIONS ON FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS.

GENERAL.

1. In these regulations, unless inconsistent with the context or otherwise specified —

(a) words and expressions defined in section 44 of the ordinance have the respective meanings assigned to them in that section;

(b) parts, proportions or percentages mean parts, proportions or percentages by *weight*;

(c) letters required to be used on labels shall be plain letters with points of face measurement as follows:—

	Example. *Voorbeeld.*	Referred to in these Regulations as: *In hierdie Regulasie genoem:*
48 points (*punte*)	CREAM	Type (*Drukletter*) A.
30 points (*punte*)	COCOA	Type (*Drukletter*) B.
24 points (*punte*)	COFFEE	Type (*Drukletter*) C.
18 points (*punte*)	CRYSTALLIZED	Type (*Drukletter*) D.
12 points (*punte*)	PRESERVATIVE	Type (*Drukletter*) E.
10 points (*punte*)	UNSWEETENED	Type (*Drukletter*) F.
8 points (*punte*)	MARMELADE	Type (*Drukletter*) G.
6 points (*punte*)	CONFECTIONERY	Type (*Drukletter*) H.

OPSKRIFTE.

2. (1) Behoudens die bepalings van artikel 9 van die ordonnansie moet elke houer waarin daar voedingstowwe of geneesmiddele of ander artikels is, (uitgesonderd die artikels vrygestel by subregulasie (7) hiervan) wat ingevolge artikel 36 van die ordonnansie in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak is, en wat ter verkoop bedoel is, 'n etiket dra waarop die volgende besonderhede staan —

(a) die naam of „handelsnaam" van die artikel daarbinne;

(b) die naam en sakeadres van die vervaardiger of produsent of invoerder of die persoon deur of namens wie die artikel in die houer gesit is;

LABELLING.

2. (1) Subject to the provisions of section 9 of the ordinance every package containing any food or drug or other article gazetted in terms of section 36 of the ordinance, which is intended for sale, other than the articles exempted under subregulation (7) hereof, shall bear a label stating the following particulars:—

(a) The name or "trade name" of the article contained therein;

(b) the name and business address of the manufacturer or producer or importer or person by whom or on whose behalf such article was enclosed in such package;

(c) as die artikel 'n mengsel of 'n samestelling is, woorde wat aandui dat dit 'n mengsel is, en die name van die bestanddele, en wanneer die ordonnansie of die regulasies dit spesifiek vereis, die verhoudings van die onderskeie bestanddele en die naam en aard van vreemde stowwe wat teenwoordig is (soos byvoorbeeld, veroorloofde bederfwerende stowwe of kleursel of smaakgewende of verdikkende middels), en enige ander besonderhede wat aldus aangegee moet word;

(d) as so 'n geneesmiddel voorberei of vervaardig is ooreenkomstig 'n alternatiewe formule wat in die *British Pharmacopoeia,* uitgawe 1953, en die addenda daarby, of die *British Pharmaceutical Codex,* uitgawe 1949, en die aanvullings daartoe, voorkom, moet die feit dat 'n alternatiewe formule gebruik is, op die etiket staan.

(e) As so 'n voedingsmiddel of geneesmiddel of artikel ingevoer of versend word na enige plek in Suidwes-Afrika, moet dit 'n etiket dra wat besonderhede bevat wat spesifiek deur die ordonnansie of regulasies vereis word, in enige van die twee amptelike tale van die Gebied, behalwe ten opsigte van besonderhede wat ingevolge die regulasies in beide amptelike tale gedruk moet wees.

(2) Die besonderhede wat die ordonnansie of die regulasies spesifiek vereis, moet gedruk word met die letter wat die regulasies voorskryf of, waar daar geen besondere drukletters voorgeskryf word nie, met duidelike letters van minstens 6 punte op die vlak gemeet (drukletter H in regulasie 1) en met kleure wat skerp teen hul agtergrond afsteek. Woorde wat die naam van die artikel verduidelik of wat 'n wesentlike deel is van die beskrywing daarvan, moet gedruk word met letters wat net so groot en duidelik as die artikel se naam is.

Besonderhede oor bestanddele of die verhoudings daarvan moet deurgaans gedruk word met letters wat ewe groot en duidelik is. Woorde wat met letters van 'n voorgeskrewe grootte gedruk moet word, kan met kleiner letters gedruk word as die pakkie so klein is dat die voorgeskrewe druklettergroottes nie gebruik kan word nie, en voorts kan woorde waarvoor die regulasies besondere drukletters voorskryf, met groter letters as die vereiste gedruk word, mits die druklettervergroting deurgaans in name of verklarings egalig is.

(3) 'n Opskrif of advertensie mag geen kommentaar op, of verwysing na, of verduideliking van, 'n verklaring wat die ordonnansie of die regulasies voorskryf, bevat wat regstreeks of onregstreeks sodanige verklaring weerspreek, of wysig nie, nòg mag die ordonnansie of die regulasies in 'n opskrif of advertensie genoem of bedoel word nie, tensy die artikel verkoop word met 'n algemene waarborg wat ingevolge artikel 28 (3) (a) van die ordonnansie geregistreer en van krag is.

(4) 'n Opskrif op 'n voedingstof of geneesmiddel mag nie die woord „namaaksel" of „kunsmatig" of „surrogaat" bevat nie, nòg enige woord wat te kenne gee dat die artikel 'n surrogaat is vir 'n voedingstof of geneesmiddel nie, tensy die regulasies dit spesifiek toelaat of vereis, nòg mag so 'n opskrif die woorde „gevitaminiseer" of „met vitamines versterk" bevat of enige woord of woorde wat opgevat kan word as 'n aanduiding dat 'n vitamine of vitamines by sodanige voedingstof bygevoeg is, òf dit bygevoeg is òf voortgebring is deur 'n fisiese of chemiese proses, tensy die aard en hoeveelheid van sodanige vitamine of vitamines in eenhede per gram of kubieke sentimeter

(c) if such article is mixed or compounded, words which denote that it is a mixture, and the names of the ingredients and, when so specifically required by the ordinance or regulations, the respective proportions of the ingredients and the name nad nature of any foreign substance present (such as permitted preservative or colouring or flavouring or thickening substances) and any other particulars so required to be declared;

(d) if any such drug or article is prepared or manufactured in accordance with an alternative formula specified in the British Pharmacopoeia, 1953 Edition, and the addenda thereto or in the British Pharmaceutical Codex, 1949 Edition, and the supplements thereto, the fact that an alternative formula has been used, shall be declared;

(e) if any such food or drug or article is imported into or consigned to any place within South West Africa, it shall bear a label stating any particulars specifically required by the ordinance or regulations in either of the two official languages of the Territory except as regards information which in terms of the regulations is required to be printed in both official languages.

(2) Particulars specifically required by the ordinance or regulations shall be printed in the type prescribed by the regulations, or, where no particular type is so prescribed, then in plain letters of not less than six points face measurement (type H in regulation 1), and in such colours as to afford a distinct contrast with the ground. Words which qualify the name of the article or are an essential part of the description thereof shall be printed in letters of the same size and prominence as the name of the article. Statements of ingredients or proportions thereof shall be in type of uniform size and prominence throughout. Words required to be in letters of prescribed size may be in letters of smaller size when the package is so small as to prevent the use of letters of the prescribed size; also words required by the regulations to be in type of a particular size may be in larger type than that so required, provided the enlargement of type in names or statements is uniform throughout.

(3) A label or advertisement shall not include any comment on or explanation of any statement required by the ordinance or regulations, which directly or by implication contradicts, qualifies, or modifies any such statement, nor shall the ordinance or regulations be mentioned or referred to on any label or advertisement unless the article is sold under a general warranty registered and in force under section 28 (3) (a) of the ordinance.

(4) A label on any article of food or any drug shall not bear the word "imitation" or "artificial" or "substitute" or any other word implying that the article is a substitute for any food or drug unless this is specifically permitted or required by regulation. Nor shall any such label bear the word "vitaminized" or "vitamin-fortified" or any word or words which might be construed as indicating that any vitamin(s) has or have been added to such article of food, whether added or produced by any physical or chemical process, unless the nature of and quantity in units per gramme or c.c. of such vitamin or

daarop staan met letters van dieselfde drukkersmaat as die woorde „gevitaminiseer" of „met vitamines versterk", of sodanige ander woord of woorde wat op die etiket gedruk staan.

(5) (a) „Handelsnaam" beteken 'n kenmerkende willekeurige of fantasie-naam wat aan 'n produk, mengsel of samestelling gegee word om dit te onderskei van ander produkte, mengsels of samestellings.

(b) „Sakeadres" beteken in die geval van 'n adres in die Gebied, die naam van die stad, dorp of plek waar die saak gedryf word, die naam van die straat of pad waarin die perseel geleë is en waar die plaaslike bestuur straat- of padnommers toegeken het, die straat- of padnommers van die betrokke perseel.

(6) Elke pakket, houer of toestel en elke grootvoorraadhouer waaruit 'n voedingsmiddel, hetsy solied of vloeibaar, geneem word vir regstreekse kleinhandel-verkoop aan die koper, moet 'n opskrif dra met letters van 'n grootte (minstens 18 punte op die vlak gemeet — tipe D, tensy die ordonnansie of die regulasies spesifiek groter letters voorskryf) en plasing wat die koper ten tye van die verkoop maklik kan lees en wat die naam en aard van die inhoud en ander besonderhede vermeld, wat die ordonnansie of regulasies vereis.

(7) Die ondergenoemde voedingstowwe word vrygestel van die ordonnansie of die regulasies se voorskrifte oor opskrifte, buiten waar die ordonnansie of die regulasies spesifieke besonderhede vereis oor die bepaalde artikel —

(a) vars melk en vars room;

(b) voedingstowwe wat in die teenwoordigheid van die koper uit die grootvoorraad geneem word, waar die grootvoorraad se opskrifte die bepalings van die ordonnansie of die regulasies nakom, en waar daardie opskrifte ten tye van die aankoop vir die koper duidelik leesbaar is, en wat in sy teenwoordigheid geweeg, getel of gemeet word;

(c) voedingstowwe wat nie mengsels of samestellings is nie, wat in pakkette op die verkoper se perseel opgemaak word ter verkoop oor die toonbank;

(d) brood wat uitsluitend van koring gemaak word;

(e) eiers; vars, bevrore, verkoelde, ingesoute, gedroogde of gerookte vleis of vis; vars wors, serwelaat of polonies; vars wors, vleis of gemaalde vleis.

vitamins is stated thereon in the same type face measurement as the word "vitaminized" or "vitamin-fortified" or such other word or words printed on such label.

(5) (a) "Trade name" means a distinctive, arbitrary or fancy name applied to a product, mixture, or compound to distinquish it from other products, mixtures, or compounds.

(b) "Business address" means, in the case of an address in the Territory, the name of the town, village or locality in which the business is carried on, the name of the street or road in which the premises are situated and in cases where street or road numbers have been allotted by the local authority, the street or road number of such premises.

(6) Every package, container or apparatus and every bulk stock from which any article of food, whether solid or liquid, is taken for retail sale direct to the purchaser shall have a label with letters of such size (but not less than 18 points face measurement — Type D — unless the information is specifically required by the ordinance or regulations to be in letters of larger type) and so placed as to be easily legible by the purchaser at the time of sale stating the name and nature of the contents and other particulars as prescribed by the ordinance or regulations.

(7) The following articles of food shall be exempted from the requirements of the ordinance and regulations regarding labelling, except as to particulars specifically required by the ordinance or regulations in regard to the particular article:—

(a) Fresh milk and fresh cream;

(b) food articles taken in the presence of the purchaser from bulk stock which is labelled as prescribed by the ordinance and regulations, the label being clearly legible by the purchaser at the time of sale and which are weighed, counted, or measured in the presence of the purchaser;

(c) food articles, not mixed or compounded, put up in packets or parcels on the premises of the vendor for ready sale over the counter;

(d) bread made solely from wheat;

(e) eggs; fresh, frozen, chilled, salted, dried, or smoked meat or fish; fresh sausages, saveloys, or polonies; fresh sausage, meat or minced meat.

VERBOD OP ONGESONDE OF GIFTIGE STOWWE IN VOEDSEL.

3. (1) Geen pakket, omslag, houer of toestel wat in verband met voedingstowwe gebruik word, mag van so 'n samestelling of aard wees dat dit moontlik of inderdaad aan die voedselinhoud of aan die voedingstowwe waarmee dit in aanraking kom, ongesonde, skadelike of giftige stowwe kan oordra nie.

(2) Geen voedingstof vermeld in die eerste kolom van van die volgende tabel mag arseen (As), koper (Cu), lood (Pb), tin (Sn), of sink (Zn) in 'n groter verhouding bevat as die aantal dele per miljoen soos vermeld daarin, nie: Met dien verstande dat waar chemiese stowwe wat in voedingstowwe gebruik word, onderhewig is aan beperkings neergelê in die *British Pharmacopoeia* of die *British Pharmaceutical Codex,* hulle van toepassing is, ongeag enige ander beperking wat neergelê word.

PROHIBITION OF UNWHOLESOME OR POISONOUS SUBSTANCES IN FOOD.

3. (1) No package, wrapper, container, or appliance used in connection with food shall be of such composition or nature as to yield, or be liable to yield, to its food contents, or to food with which it comes in contact, any unwholesome, injurious or poisonous substance.

(2) No article of food mentioned in the first column of the following table shall contain arsenic (As), copper (Cu), lead (Pb), tin (Sn) or zinc (Zn) in a proportion exceeding the number of parts per million as specified therein: Provided that where chemicals used in foodstuffs are subject to limits laid down in the British Pharmacopoeia or British Pharmaceutical Codex, these shall apply notwithstanding any other limit laid down.

VOEDINGSTOWWE ARTICLE OF FOODSTUFFS	DELE PER MILJOEN PARTS PER MILLION				
	Arseen Arsenic As.	Koper Copper Cu.	Lood Lead Pb.	Tin Tin Sn.	Sink Zinc Zn.
Alkoholiese vrugtedranke, likeurs en dranke wat nie andersins omskryf is nie Alcoholic cordials, liqueurs and liquors not otherwise specified	1.0	20.0	1.0	250.0	50.0
Bier, insluitend ale en hopbier Beer, including ale and stout	1.0	7.0	1.0	250.0	50.0
Deurlugte of mineraalwaters Aerated or mineral waters	0.2	5.0	0.2	250.0	5.0
Sider Cider	1.0	7.0	1.0	250.0	5.0
Kleursel wat in voedsel gebruik word behalwe karamel in 'n droë basis Colouring matter used in foodstuffs, other than caramel on a dry basis	1.0	20.0	20.0	250.0	50.0
Gekonsentreerde vrugtesappe, versoete gekonsentreerde vrugtesappe, versoete gekonsentreerde vrugtesappe en vrugtenektars of vrugtepurees Concentrated fruit juices, sweetened, concentrated juices and fruit nectars or fruit purees	1.0	25.0	1.0	250.0	25.0
Nie-deurlugte vrugtegeurdranke Non-aerated fruit-flavoured beverages or drinks	0.2	5.0	1.0	250.0	5.0
Dekstrose-monohidraat en watervrye dekstrose Dextrose monohydrate and anhydrous dextrose	1.0	20.0	2.0	250.0	50.0
Vette Fats	1.0	20.0	1.0	250.0	50.0
Bevrore snoeperye Frozen confectionery	1.0	20.0	1.0	250.0	50.0
Vrugtesappe, versoete vrugtesappe, verdunde vrugtesappe sowel as groentesappe Fruit juices, sweetened fruit juices, diluted fruit juices as well as vegetable juices.	0.5	20.0	1.0	250.0	25.0
Vrugtestrope, vrugtedranke, „crusches" en kwasse Fruit syrups, cordials, crushes and squashes	1.0	25.0	1.0	250.0	25.0
Gelatien (eetbare) Gelatin (edible)	3.5*	30.0	10.0	250.0	100.0
Glukose (vloeistof) Glucose (liquid)	1.0	20.0	5.0	250.0	50.0
Roomys en sorbet Ice-cream and sherbets	1.0	20.0	1.0	250.0	50.0
Olies (eetbare) Oils (edible)	1.0	20.0	0.5	250.0	50.0
Pektien (solied) Pectin (solid)	5.0	300.0	50.0	250.0	50.0
Pektien (vloeistof) Pectin (liquid)	2.0	30.0	10.0	250.0	50.0
Speserye en gedroogde kruie Spices and dried herbs	5.0	30.0	10.0	250.0	50.0
Alkoholiese dranke (brandewyn, jenewer, rum, whisky, ens.) Spirituous liquors (brandy, gin, rum, whisky, etc.)	1.0	20.0	0.5	250.0	50.0
Suiker (geraffineer) Sugar (refined)	1.0	20.0	1.0	250.0	50.0
Suiker (ongeraffineer, melasse) Sugar (unrefined, molasses)	1.0	20.0	5.0	250.0	50.0
Tamatiesous en -puree (in 'n droë basis) Tomato sauce and puree (on a dry basis)	1.0	100.0	5.0	250.0	50.0
Wyne Wines	1.0	7.0	1.0	250.0	50.0
Ander voedingsmiddels Other Foodstuffs	1.0	20.0	5.0	250.0	50.0

* Uitgedruk as As_2O_3

* Expressed as As_2O_3

LET WEL — Een deel per miljoen As is by benadering gelyk aan 1.3 dele per miljoen As_2O_3.

NOTE — 1 part per million As is approximately equal to 1.3 parts per million As_2O_3.

VERBOD OP ARTIKELS, MIDDELS OF TOESTELLE WAT VIR VERVALSING GEBRUIK WORD.

4. Niemand mag 'n artikel, middel of toestel wat vir vervalsing of strydig met enige bepaling of oogmerk van die ordonnansie of regulasies gebruik word, of daarvoor bestem is of waarskynlik daarvoor gebruik sal word, invoer, vervaardig, hou, adverteer of verkoop nie.

BEDERFWERENDE MIDDELS IN VOEDINGSTOWWE.

5. (1) „Bederfwerende middel" beteken 'n stof wat die gisting, suurwording, of ander ontbinding van voedingstowwe strem, vertraag of stuit, uitgesonderd bederfwerende middels soos gewone sout (natriumchloried), suiker (sukrose), melksuur, asyn, alkohol of drinkbare spiritualieë, kruie, hopekstrak, speserye en noodsaaklike olies wat gebruik word om smaak te gee of stowwe wat by voedingstowwe gevoeg word in die verwerkingsproses wat „beroking" heet.

„Bederfwerende middel" sluit voorts uit salpeter (natrium- of kaliumnitraat) en natriumnitriet en/of kaliumnitriet mits die eind-nitrietgehalte, gereken as natriumnitriet, hoogstens 200 dele per miljoen bedra.

(2) Elke artikel wat in die eerste kolom van die onderstaande tabel genoem word, kan enige een van die bederfwerende middels wat daarteenoor in die tweede kolom staan, bevat, maar hoogstens in die verhouding in dele per miljoen wat in die derde kolom staan; die bederfweermiddels kan ook in die vorm van hul natrium- of kaliumsoute gebruik word en die resultate moet uitgedruk word in terme van swaweldioksied (SO_2), of bensoësuur (C_6H_5COOH) en van sorbiensuur ($CH_3 — CH = CH — CH = CH = COOH$):—

VOEDINGSTOF	BEDERFWERENDE MIDDEL	Veroorloofde hoeveelhede (dele per miljoen)
Wors, worsvleis en verwerkte vleisprodukte met uitsondering van ingemaakte vleisprodukte	Swaweldioksied of bensoësuur	450 770
Vars vis	Bensoësuur	100
Gerookte en gedroogde vis	Bensoësuur of Sorbiensuur	200 1000
Vissmere	Bensoësuur	500
Viskuit en viseiers wat gekook, verwerk en/of gerook is	Bensoësuur	770
Vars vrugte en varsvrugtepulp	Swaweldioksied of benoësuur of sorbiensuur	1500 600 600
Droëvrugte, insluitende rosyne, sultanas en pruimedante	Swaweldioksied of sorbiensuur	2000 600
Konfyt, marmalade, vrugtejellie en soortgelyke artikels	Swaweldioksied of bensoësuur of sorbiensuur	40 400 400
Gekristalliseerde, verglansde of bereide vrugte en versuikerde skil	Swaweldioksied	100
Ongegiste druiwesap, nie-alkoholiese wyne en vrugtesappe, gereed vir gebruik .	Swaweldioksied of bensoësuur of sorbiensuur of swaweldioksied plus sorbiensuur	450 600 600 200 600

PROHIBITION OF ARTICLES, DEVICES OR APPLIANCES USED FOR PURPOSES OF ADULTERATION.

4. No person shall import, manufacture, keep, advertise, or sell any article, device, or appliance which is used or is intended or is likely to be used for purposes of adulteration or contrary to any provision or object of the ordinance or regulations.

PRESERVATIVES IN FOOD.

5. (1) "Preservative" means any substance which inhibits, retards or arrests fermentation, acidification or other decomposition of food but does not include preservatives such as common salt (sodium chloride), sugar (sucrose), lactic acid, vinegar, alcohol or potable spirits, herbs, hop extract, spices and essential oils used for flavouring purposes or any substance added to food by the process of curing known as "smoking". "Preservative" also does not include saltpetre (sodium or potassium nitrate) and sodium and/or potassium nitrite provided that the final nitrite content does not exceed 200 parts per million, calculated as sodium nitrite.

(2) Each article specified in the first column of the following table may contain any one of the preservatives specified opposite to it in the second column, in a proportion not exceeding the number of parts per million specified in the third column; the preservatives may also be used in the form of their sodium or potassium salts and the results shall be expressed in terms of sulphur dioxide (SO_2), of benzoic acid (C_6H_5COOH) and of sorbic acid ($CH_3 — CH = CH — CH = CH = COOH$):—

Food	Preservative	Quantity Permitted (parts per million)
Sausages, sausage meat and manufactured meat products with the exception of canned meat products	Sulphur dioxide or benzoic acid	450 770
Fresh fish	Benzoic acid	100
Smoked and dried fish . .	Benzoic acid or sorbic acid	200 1,000
Fish pastes	Benzoic acid	500
Fish roe and spawn which has been cooked, cured and/or smoked	Benzoic acid	770
Fresh fruit and fresh fruit pulp	Sulphur dioxide or benzoic acid or sorbic acid	1,500 600 600
Dried fruits, including raisins, sultanas and prunes . .	Sulphur dioxide or sorbic acid	2,000 600
Jam, marmalade, fruit jelly and similar articles . . .	Sulphur dioxide or sorbic acid or benzoic acid	40 400 400
Crystalised, glace or cured fruit and candied peel . . .	Sulphur dioxide	100
Unfermented grape juice, non-alcoholic wines and fruit juices ready to drink . . .	Sulphur dioxide or benzoic acid or sorbic acid or sulphur dioxide plus sorbic acid	450 600 600 200 600

Vrugtestrope, vrugtedranke en vrugtekwasse wat slegs verdunning met water nodig het	Swaweldioksied of bensoësuur of sorbiensuur of swaweldioksied plus sorbiensuur	450 600 600 200 600	Fruit syrups, cordials and fruit squashes requiring only dilution with water . . .	Sulphur dioxide or benzoic acid or sorbic acid or sulphur dioxide plus sorbic acid	450 600 600 200 600
Gekonsentreerde vrugtekwas en vrugtestroopbasisse wat die toevoeging van suiker en water vereis, na die voorgeskrewe verdunning tot 'n vrugtestroop, vrugtedrank of vrugtekwas . . .	Swaweldioksied of bensoësuur of sorbiensuur of swaweldioksied plus sorbiensuur	450 600 600 200 600	Concentrated fruit squash and fruit syrup basis, requiring the addition of sugar and water, after the prescribed dilution to a fruit syrup, cordial or fruit squash	Sulphur dioxide or benzoic acid or sorbic acid or sulphur dioxide plus sorbic acid	450 600 600 200 600
Versoete deurlugte of mineraalwaters, insluitende gekarboneerde vrugtekwasse en vrugtesappe, wat minder as 5% vrugtesap bevat . .	Swaweldioksied of bensoësuur of sorbiensuur	70 120 120	Sweetened aerated or mineral waters, including carbonated fruit squashes and fruit juices, containing less than 5 per cent of fruit juice	Sulphur dioxide or benzoic acid or sorbic acid	70 120 120
Gekarboneerde vrugtekwasse en vrugtesappe wat minstens 5% vrugtesap bevat .	Swaweldioksied of bensoësuur of sorbiensuur	120 150 150	Carbonated fruit squashes and fruit juices containing not less than 5 per cent of fruit juice	Sulphur dioxide or benzoic acid or sorbic acid	120 150 150
Atjar, souse en blatjangs, koffie-ekstrak	Swaweldioksied of bensoësuur of sorbiensuur of swawelsuur plus sorbiensuur	450 600 600 200 600	Pickles, sauces and chutneys, coffee extract . . .	Sulphur dioxide or benzoic acid or sorbic acid or sulphur dioxide plus sorbic acid	450 600 600 200 600
Suiker, insluitende suikerrietstroop en vaste glukose,	Swaweldioksied	70	Sugar, including cane syrup and solid glucose	Sulphur dioxide	70
Mieliestroop (vloeibare glukose)	Swaweldioksied	450	Corn syrup (liquid glucose)	Sulphur dioxide	450
Graanstysel (mieliestysel) of ander bereide stysels . . .	Swaweldioksied	100	Cornflour (maize starch) or other prepared starches . .	Sulphur dioxide	100
Eetbare gelatien	Swaweldioksied	1000	Edible gelatin	Sulphur dioxide	1,000
Dranke (gekonsentreerd) berei van koring en ander graansoorte	Bensoësuur	600	Beverage concentrates, prepared from wheat and other cereals	Benzoic acid	600
Sakramentele wyn, berei van ongegiste druiwesap . . .	Bensoësuur	2750	Sacramental wine, prepared from unfermented grape juice	Benzoic acid	2,750
Kaassoorte en kaassmeer . .	Bensoësuur of sorbiensuur	600 600	Cheese preparations and cheese spreads	Benzoic acid or sorbic acid	600 600
Ontwaterde groente . . .	Swaweldioksied	2000	Dehydrated vegetables . .	Sulphur dioxide	2,000

LET WEL. — 150 dele per miljoen is by benadering gelyk aan 1 grein per pond of 1¼ grein per pint.

NOTE. — 150 parts per million is approximately equal to one grain per pound or 1¼ grains per pint.

(3) In die geval van eetbare olies en die produkte van eetbare olies kan die onderstaande anti-oksideermiddels òf afsonderlik òf in verbinding as bederfwerende middels gebruik word:—

(a) Guajakhars (hoogstens 0.1 persent);

(b) Tokoferolle (hoogstens 0.03 persent);

(c) Lesitien;

(d) Sitroensuur, wynsteensuur en askorbiensuur;

(e) Propiel-, oktiel-, desiel, dodesielgallaat (hoogstens 0.01 persent) met of sonder sitroensuur (hoogstens 0.005 persent);

(f) Butielhidroksi-anisool (B.H.A.) (hoogstens 0.02 persent) met of sonder gallate, soos in paragraaf (e) (hoogstens 0.01 persent). Sitroensuur (hoogstens 0.005 persent) of fosforsuur (hoogstens 0.005 persent), kan by hierdie verbindings gevoeg word.

(3) In the case of edible oils and edible oil products the following antioxidants may be used as preservatives either singly or in combination as follows:—

(a) Resin guaiac (not exceeding 0.1 per cent);

(b) Tocopherols (not exceeding 0.03 per cent);

(c) Lecithin;

(d) Citric acid, tartaric acid and ascorbic acid;

(e) Propyl, octyl, decyl, dodecyl, gallate (not exceeding 0.01 per cent), with or without citric acid (not exceeding 0.005 per cent);

(f) Butylated hydroxyanisole (B.H.A.) (not exceeding 0.02 per cent) with or without gallates as in (e) (not exceeding 0.01 per cent). Citric acid (not exceeding 0.005 per cent) or phosphoric acid (not exceeding 0.005 per cent) may be added to these combinations.

(g) Butielhidroksitolu-ien (B.H.T.) (hoogstens 0.02 persent) met of sonder gallate, soos in paragraaf (e) (hoogstens 0.01 persent). Sitroensuur (hoogstens 0.005 persent) of fosforsuur (hoogstens 0.005 persent) kan by hierdie verbinding gevoeg word. Butielhidroksitolu-ien (B.H.T.) kan in kombinasie met butielhidroksi-anisool (B.H.A.) gebruik word: Met dien verstande egter dat die totale hoeveelheid van die verbinding nie 0.02 persent oorskry nie.

(4) Uitgesonderd die vergunnings verleen deur die regulasies, mag geen artikel waarin 'n bederfwerende middel toegelaat is, meer as een soort bederfwerende middel bevat nie, tensy dit voorberei is met twee of meer bestanddele waarin verskillende bederfwerende middels veroorloof is, in welke geval die aanwesige hoeveelhede hoogstens soveel mag wees as die hoeveelhede wat vir die bestanddele wat gebruik word, toegelaat is.

(5) Artikels wat gedeeltelik voorberei word van voedingstowwe waarin daar 'n bederfwerende middel toegelaat word, mag hoogstens soveel bederfwerende middel bevat soos ontstaan wanneer die bestanddeel waarin 'n bederfwerende middel toegelaat is, bygevoeg is.

(6) Elke voedingstof waarby 'n bederfwerende middel gevoeg is, of wat 'n bederfwerende middel bevat, moet 'n opskrif dra met een van die onderstaande verklarings met drukletter H:—

(a) „Bevat ..... as bederfwerende middel", of

(b) „Gepreserveer met .....", of

(c) „Bevat die bederfwerende middel .....";

met die gebruiklike skeikundige naam van die bederfwerende middel ingevoeg in watter verklaring ook al gebruik word: Met dien verstande dat waar 'n voedingstof hoogstens 100 dele per miljoen of driekwart grein per lb. swaweldioksied (of sulfiete as sodanig gereken) in 'n verhouding hoogstens dié wat by subregulasie (2) hiervan toegelaat word, bevat, die teenwoordigheid van so 'n bederfwerende middel nie op die etiket aangedui hoef te word nie.

(7) Elke pakket wat 'n bederfwerende middel bevat wat vir gebruik in voedsel bedoel is, moet 'n opskrif dra waarin die samestelling duidelik vermeld word, en, by swaweldioksied-samestellings, die persentasie swaweldioksied wat die inhoud sal lewer. Die materiaal wat by die voorbereiding of vervaardiging van 'n bederfwerende middel gebruik word, moet beantwoord aan die standaarde van samestelling en suiwerheid wat regulasie 31 voorskryf en die bederfwerende middel self moet aan die vereistes van subregulasie (2) van regulasie 3 voldoen.

(8) Niemand mag enige stof as bederfwerende middel vir voedsel adverteer, verkoop of gebruik nie as die ordonnansie of regulasies die gebruik daarvan vir sodanige doel nie veroorloof nie.

KLEURSEL, SMAAKGEWENDE, VERDIKKENDE, EN KUNSMATIGE VERSOETENDE STOWWE IN VOEDSEL.

6. (1) Die gebruik van enige samestelling van antimoon, arseen, kadmium, chroom, koper, kwik, lood of sink om voedsel te kleur, word hierby verbied.

(2) Behoudens andersluidende bepalings in die ordonnansie en hierdie regulasies, mag niemand enige stof buiten die onderstaande verkoop as geskik vir kleursel vir voedsel, nòg as kleursel gebruik nie: Met dien verstande dat —

(g) Butylated hydroxytoluene (B.H.T.) (not exceeding 0.02 per cent) with or without gallates as in (e) (not exceeding 0.01 per cent). Citric acid (not exceeding 0.005 per cent) or phosphoric acid (not exceeding 0.005 per cent) may be added to these combinations. Butylated hydroxytoluene (B.H.T.) may be used in combination with butylated hydroxyanisole (B.H.A.) provided the total amount of the combination does not exceed 0.02 per cent.

(4) Except where permitted by regulation, no article in which a preservative is permitted shall contain more than one preservative unless it has been prepared from two or more ingredients in which different preservations are permitted, in which case the quantities present shall not exceed those resulting from the presence of permissible amounts in the ingredients used.

(5) Articles prepared in part from food in which a preservative is permitted shall not contain more preservative than results from the addition of the ingredient in which a preservative is permitted.

(6) Every article of food to which a preservative has been added, or which contains a preservative, shall bear a label with one or other of the following statements in type H —

(a) "Contains ....." as a preservative; or

(b) "Preserved with ....."; or

(c) "Contains the preservative .....";

the common chemical name of the preservative being inserted on whichever form of statement is used: Provided that in the case of any article of food containing not more than 100 parts per million or three-quarters of a grain per lb. of sulphur dioxide (or sulphites calculated as such) in proportion not exceeding that permitted under clause (2) hereof, the presence of such preservative need not be stated on the label.

(7) Every package containing a preservative intended to be used in food shall bear a label stating clearly its composition and, in the case of sulphur dioxide compounds, the percentage of sulphur dioxide which the contents will yield. The materials used in the preparation or manufacture of a preservative shall comply with the standards of composition and purity prescribed by regulation 31, and the preservative itself shall conform to the requirements of subregulation (2) of regulation 3.

(8) No person shall advertise, sell or use as a preservative for food any substance the use of which for such purpose is not permitted by the ordinance or regulations.

COLOURING, FLAVOURING, THICKENING AND ARTIFICIAL SWEETENING SUBSTANCES IN FOOD.

6. (1) The use for colouring foods of any compound of anitomy, arsenic, cadmium, chromium, copper, mercury, lead, or zinc is hereby prohibited.

(2) Save as is otherwise provided in the ordinance and these regulations, no person shall sell as suitable for colouring food, and no person shall use for colouring food any substance, except the undermentioned: Provided that–

(i) sodanige stowwe spesiaal voorberei word vir gebruik in voedsel en voldoen aan die hoogste standaard van suiwerheid;

(ii) dat die vervaardiger van 'n voedingstof waarin daar kleursel is, die naam (wetenskaplike of handelsnaam) van sodanige kleursel op aanvraag aan 'n inspekteur moet verskaf —

(a) cochenille;

(b) karamel;

(c) chlorofil;

(d) annato;

(e) saffraan;

(f) alle onskadelike plantaardige kleurstowwe voorberei van natuurlike stowwe of van kunsmatige aard: Met dien verstande dat laasvermelde in alle aspekte identies met hul natuurlike ekwivalent ooreenstem;

L.W. Die doel van regulasie 6 (2) (ii) (f) is om die gebruik van betakaroteen as kleursel in voedsel, te veroorloof.

(g) die volgende suiwer sintetiese kleurstowwe of vermengings daarvan, en die onoplosbare aluminium- en kalsiumsoute (lakverf) of vermengings daarvan:—

(i) such substances are specially prepared for use in food and are of the highest purity standard;

(ii) that the name (scientific or commercial) shall be disclosed by the manufacturer of any foodstuff containing any colouring matter to any inspector upon demand —

(a) cochineal;

(b) caramel;

(c) chlorophyll;

(d) anatto;

(e) saffron;

(f) all harmless vegetable colouring substances whether prepared from natural substances or whether synthesized: Provided that the latter shall be identical in all respects to their natural equivalents; and

Note: The purpose of regulation 6 (2) (ii) (f), is to permit of the use of Beta-Carotene as a colouring substance in food.

(g) the following pure synthetic colouring substances or blends thereof, and the insoluble aluminium and calcium salts (lakes) or blends thereof:—

Gewone naam van kleurstof	Kleurindeksnommer*, Tweede Uitgawe, 1956
Rooi tinte —	
Ponceau 4R	16255
Amarant (briljante Bordeaux B)	16185
Eritrosien	45430
Asogeranien	18050
Suur Bordeaux B	16180
Karmosyn (Kardinaal 3B)	14720
Rooiysteroksied	77491
Oranje tinte —	
Kroseïen-oranje	15970
Oranje G	16230
Geel tinte —	
Tartrasien	19140
Sonsonderganggeel FCF	15985
Oliegeel GG	11920
Groen tinte —	
Kleurvaste groen FCF	42053
Lissamien-groen B	44090
Blou tinte —	
Indigotien (Indigo-Karmyn)	73015
Violet tinte —	
Suurviolet (Formielviolet)	42650

Common Name of Colouring Matter	Colour Index No. *, Second Edition, 1956
Red shades —	
Ponceau 4R	16255
Amaranth (Brilliant Bordeaux B)	16185
Erythrosine	45430
Azogeranine	18050
Acid Bordeaux B	16180
Carmoisine (Cardinal 3B)	14720
Red Iron Oxide	77491
Orange Shades —	
Croceine Orange	15970
Orange G.	16230
Yellow Shades —	
Tartrazine	19140
Sunset Yellow FCF	15985
Oil Yellow GG.	11920
Green Shades —	
Fast Green FCF	42053
Lissamine Green B	44090
Blue Shades —	
Indigotine (Indigo Carmine)	73015
Violet Shades —	
Acid Violet (Formyl-violet)	42650

* ‚Kleurindexnommer' het betrekking op die nommer wat in die Kleurindeks, Tweede Uitgawe, 1956, van die *Society of Dyers and Colourists, England* en die *American Association of Textile Chemists and Colourists* toegewys is.

* Colour Index No. refers to the number allotted in the Colour Index, Second Edition, 1956, of the *Society of Dyers and Colourists, England,* and of the *American Association of Textile Chemists and Colourists.*

(3) Die opskrif van elke pakket wat 'n koolteerkleurstof bevat en verkoop word om voedingsmiddels te kleur, moet die indeksnommer van die kleur in die Kleurindeks,

(3) The label of every package containing a coal tar dye sold for colouring food shall show the index number of the colour in the Colour Index, Second Edition, 1956,

Tweede Uitgawe, 1956, toon, of as die stof 'n mengsel van kleure is, die indeksnommer van elke kleur daarin opgeneem, of waar die kleur van uitheemse fabrikaat is en nie op voornoemde Kleurindeks verskyn nie, die waarborg van die fabrikant dat die inhoud aan die betrokke regulasies wat in die land van oorsprong van krag is, voldoen.

(4) Behoudens andersluidende bepalings in die ordonnansie en hierdie regulasies, kan ekstrakte, olies of essense van amandels, kaneel, anys, kassia, naeltjies, gemmer, sitroen, lemoen, neut, peperment, groenment, kruinaeltjies, komyn, kardamon, koljander, vinkel, knoflok, foelie, marjolein en ander onskadelike smaakgewende middels in voedingstowwe gebruik word.

Elke pakket wat kunsmatige of sintetiese smaakgewende bestanddele bevat, moet 'n opskrif dra met die woord „namaaksel" of „kunsmatig" of „sinteties" of „van sintetiese bestanddele vervaardig", drukletter G, daarop.

(5) Behoudens andersluidende bepalings in die ordonnansie en hierdie regulasies, kan onskadelike verdikkende stowwe soos gelatien, pektien, agar-agar of eetbare gom in voedingstowwe gebruik word: Met dien verstande dat, buiten by suikergebak, jellie-kristalle en tafel-jellies, en by vrugtejellie, pynappel-, aarbei-, framboos-, braam- of appelliefiekonfyt wat bygevoegde pektien of pektienagtige materiaal bevat, hoogstens in die hoeveelheid wat regulasie 26 hiervan veroorloof, die artikel 'n opskrif met drukletters H moet hê wat lui:

„Bevat ..... as verdikkende middel", of

„Verdik met ....." met die naam van die verdikkende middel in elke geval ingevul.

(6) (a) Behoudens die andersluidende bepalings hieronder mag niemand voedsel wat saggarien, saksien, dulsien, glusien of ander sintetiese versoetmiddel bevat, verkoop nie.

(b) Artikels wat spesiaal vervaardig en bedoel is vir gebruik deur persone wat aan suikersiekte of 'n dergelyke siekte ly, kan so 'n stof bevat mits die aard en verhouding daarvan op die etiket vermeld staan.

MELK EN MELKPRODUKTE.

7. (1) Niemand mag melk as melk verkoop as daar enigiets bygevoeg is, as daar 'n bestanddeel onttrek is, of as dit minder as drie dele persent melkvet of minder as 8.5 persent vetvrye vaste melkstowwe bevat nie. Melk wat aan die bogenoemde standaarde beantwoord, heet in hierdie regulasies „normale melk". Bogenoemde standaarde geld nie vir melk wat op die grondslag van sy melkvetgehalte of sy totale vaste melkstofgehalte vir vervaardigingsdoeleindes verkoop word nie.

Om vas te stel of water bygevoeg is, moet daar gebruik gemaak word van die krioskopiese stelsel wat beskryf word in die sewende uitgawe van die *Official Methods of Analysis of the Association of Official Agricultural Chemists*. Hierdie stelsel het nie betrekking op melk waarby bederfwerende middels gevoeg is nie.

(2) Melk wat gepasteuriseer of gesteriliseer of andersins behandel is, moet aan die voorgaande standaarde vir normale melk beantwoord.

(3) (a) *Afgeroomde melk* of *afskeiermelk* moet minstens 8.7 persent vetvrye vaste melkstowwe bevat en vry van vreemde stowwe wees. Met elke hoeveelheid sodanige melk wat aan 'n klant afgelewer word, moet ook 'n etiket afgelewer word waarop die woorde „afgeroomde melk" met drukletter E in albei amptelike tale staan.

(b) *Gegeurde afgeroomde melk* of *gegeurde afskeiermelk* is afgeroomde of afskeiermelk, of afgeroomde melk-

or where the substance is a mixture of colours, the index number of each colour contained therein, or where the colour is of foreign manufacture and is not included in the Colour Index aforesaid, the guarantee of the manufacturer that the contents comply with the relative regulations in force in the country of origin.

(4) Save as is otherwise provided in the ordinance and these regulations, extracts, oils or essences of almonds, cinnamon, anise, cassia, cloves, ginger, lemon, orange, nutmeg, pepperment, spearmint, allspice, carraway, cardamoms, corriander, fennel, garlic, mace, marjoram and other harmless flavouring substances, may be used in food.

Every package containing any artificial or synthetic flavouring substance shall bear a label with the word "Imitation" or "Artificial" or "Prepared with Synthetic Ingredients" in type G.

(5) Save as is otherwise provided in the ordinance and these regulations, harmless thickening substances such as gelatin, pectin, agar-agar or edible gum, may be used in food: Provided that, except in the case of confectionery, jelly crystals and table jellies, and of fruit jelly, pineapple jam, strawberry jam, rasberry jam, blackberry jam, or Cape gooseberry jam containing added pectin or pectinous material not exceeding the amount permitted by regulation 26 hereof, the article shall bear a label stating, in type H —

"Contains ..... as a thickening substance"; or

"Thickened with ....." the name of the thickening substance being inserted in either case.

(6)(a) Except as hereinafter provided, no person shall sell any food containing saccharin, saxin, dulcin, glucin or other synthetic sweetening substance.

(b) Articles specially manufactured and intended for use by persons suffering from diabetes or any similar disease may contain any such substance, provided that the nature and proportion thereof is stated on the label.

MILK AND MILK PRODUCTS.

7. (1) No person shall sell as milk, milk to which any substance has been added or from which any part of any of its constituents has been removed, or which contains less than three parts per cent of milkfat or less than 8.5 per cent of milk-solids-not-fat. Milk complying with the foregoing standards is referred to in these regulations as "normal milk". The foregoing standards do not apply to milk sold for manufacturing purposes on the basis of its milk-fat content or its total milk-solids content.

In determining added water, use shall be made of the cryoscopic method described in the seventh edition of *Official Methods of Analysis of the Association of Official Agricultural Chemists*. This method shall not be applicable to milks to which preservatives have been added.

(2) Milk which has been pasteurized or sterilized or otherwise treated shall conform to the foregoing standards for normal milk.

(3) (a) *Skim-milk* or *separated milk* shall contain not less than 8.7 per cent of milk-solids-not-fat, and be free from any foreign substance. With every quantity of such milk delivered to a customer there shall also be delivered a label stating in both official languages "Skim-milk" in type E.

(b) *Flavoured skim-milk* or *flavoured separated milk* is skim-milk or separated milk or skim-milk powder or

poeier of afskeiermelkpoeier waarby veroorloofde geurmiddels en kleurstowwe gevoeg is en wat met suiker (sukrose) versoet kan word en glukose kan bevat. Met elke hoeveelheid sodanige melk wat aan 'n klant afgelewer word, moet ook 'n etiket gelewer word waarop die woorde „gegeurde afgeroomde melk" met drukletter E in albei amptelike tale staan.

(4) *Gedroogde melk, gepoeierde melk* of *melkpoeier* is normale melk waaruit die water onttrek is sodat hoogstens 5 persent vog agterbly, en dit mag geen vreemde stof bevat nie. Wanneer dit in water opgelos word in die verhouding aangegee op die etiket wat daarby gaan, moet die oplossing wat aldus verkry word, beantwoord aan die standaarde vir normale melk ten opsigte van melkvet en totale vaste stowwe.

Die totale getal organismes mag hoogstens 200,000 per gram beloop, en *B. coli* moet in 0.1 gram afwesig wees.

Dit moet in skoon, vogdigte houers verpak en lugdig verseël wees.

(6) (a) *Fish* shall be the clean, sound and wholesome flesh of all varieties of edible fish, which shall include crustaceans and mollusca. If it is sold as a particular kind or preparation of fish or bears a label stating its kind, composition or origin, it shall correspond wtih the description or label. In the case of smoked fish permitted colouring may be used.

(b) *Fish preparations* shall be made from the clean, sound and wholesome flesh of fish with or without permitted colouring matter, wholesome farinaceous or other vegetable substances. Vitamins shall not be added. Ascorbic acid with or without citric acid may, however, be added to fish for canning purposes. In the case of canned rock lobster and canned fish the addition of sodium hexametaphosphate in amounts not exceeding 0.5 per cent shall be permitted.

(i) The standards of composition of canned fish under the ordinance and regulations shall be the compulsory standard specifications for the manufacture, processing or treatment of canned fish declared by the Minister of Economic Affairs under section 15 (1) (a) and (i) of the Standards Act, 1945 (Act 24 of 1945) (Republic). The compulsory standard specifications as applied to South West Africa by Government Notices 119 and 120 of 10 April 1953 shall also apply to imported canned fish.

(ii) In the case of *fish balls* and *fish cakes,* the minimum total fish contents shall be not less than 37.5 per cent and the total protein nitrogen content shall be not less than 1 per cent.

(iii) By *ander vispreparate* moet die totale visinhoud minstens 75 persent en die proteïenstikstofinhoud minstens 2 persent wees, tensy die persentasie vis opvallend met drukletter G op die etiket aangedui word.

(iii) In the case of other *fish preparations* the minimum total fish contents shall be not less than 75 per cent and the protein nitrogen content shall be not less than 2 per cent, unless the percentage fish is indicated in a prominent position on the label in type G.

(c) In alle gevalle waar die berekening van die totale visinhoud nodig is, moet die onderstaande formule gebruik word:-

Persentasie totale vis = Persentasie proteïenstikstof x 37.5

(c) In all cases where it is necessary to calculate total fish content, the formula used shall be:—

Percentage total fish = Percentage protein nitrogen x 37.5.

(d) (i) In die geval van bevrore ongekookte seevoedsel soos steurgarnale, garnale, varswaterkrewe, seekrewe, krapvleis, oesters, mossels, gapermossels of vis, moet geen ontbinding plaasgevind het nie.

Dit moet in 'n bevrore toestand gehou word. Antibiotika en organismes van die genera *Salmonella* en *Shigella* en van die spesie *Vibrio cholerae* en Koagulase-positiewe *Staphylococcus aureus* mag nie aanwesig wees nie. Die getal *Escherichia coli* tipe 1-organismes en enterococci mag nie tien (10) per honderd (100) gram te bowe gaan nie.

'n Oppervlakplaattelling by 35°C 48 uur lank mag nie 400,000 organismes per gram te bowe gaan nie.

Die woorde ‚Bevrore Ongekookte' of ‚Bevrore Rou, of ‚Snelbevrore Ongekookte' of ‚Snelbevrore Rou' watter ook al verkies word, en ‚Hou Bevrore' moet op die etiket van elke pakket wat bevrore ongekookte seevoedsel bevat met drukletter ‚D' verskyn.

(d) (i) In the case of frozen uncooked marine food such as prawns, shrimps, crayfish, lobsters, crab-meat, oysters, mussels, clams or fish, no decomposition shall have occurred.

It shall be maintained in a frozen state. Antibiotics and organisms of the genera *Salmonella* and *Shigella* and of the species *Vibrio cholerae* and coagulase-positive *Staphylococcus aureus* shall not be present. The number of organisms of *Escherichia coli* type 1 and enterococci shall not exceed ten (10) per hundred (100) grams.

A surface plate count at 35°C for 48 hours shall not exceed 400,000 organisms per gram.

The words 'Frozen Uncooked' or 'Frozen Raw' or 'Quick-frozen Uncooked' or 'Quick-frozen Raw' which ever is preferred, and 'Keep frozen' shall appear in type 'D' on the label of every package containing frozen uncooked marine food.

(ii) In die geval van bevrore voorafgekookte seevoedsel soos steurgarnale, garnale, varswaterkrewe, seekrewe, krapvleis, oesters, mossels, gapermossels of vis, moet geen ontbinding plaasgevind het nie.

Dit moet in 'n bevrore toestand gehou word. Antibiotika en organismes van die genera *Salmonella, Shigella* en *Escherichia coli* tipe 1 en van die spesie *Vibrio cholerae* en Koagulase-positiewe *Staphylococcus aureus* mag nie aanwesig wees nie.

'n Oppervlakplaattelling by 35°C 48 uur lank mag nie 100,000 organismes per gram te bowe gaan nie. Coli aerogenes-organismes mag nie tien (10) per gram te bowe gaan nie. Die woorde ‚Bevrore Voorafgekookte' of ‚Snelbevrore Voorafgekookte' watter ook al verkies word, en ‚Hou Bevrore' moet op die etiket van elke pakket wat bevrore voorafgekookte seevoedsel bevat met drukletter ‚D' verskyn.

(ii) In the case of frozen pre-cooked marine food such as prawns, shrimps, crayfish, lobsters, crab-meat, oysters, mussels, clams or fish, no decomposition shall have occurred.

It shall be maintained in a frozen state. Antibiotics and organisms of the genera *Salmonella, Shigella* and *Escherichia coli* type 1 and of the species *Vibrio cholerae* and coagulase-positive *Staphylococcus aureus* shall not be present.

A surface plate count at 35°C for 48 hours shall not exceed 100,000 organisms per gram. Coli aerogenes organisms shall not exceed ten (10) per gram.

The words 'Frozen Pre-cooked' or 'Quick-frozen Pre-cooked' whichever is preferred, and 'Keep frozen' shall appear in type 'D' on the label of every package containing frozen pre-cooked marine food.

(7) *Braaivet* is vet wat uit die vleis van beeste, skape of bokke gebraai is, en dit mag geen vreemde stof buiten gewone sout bevat nie.

(7) *Dripping* is fat rendered from the meat of cattle, sheep or goats and shall contain no foreign substance except common salt.

(8) *Varkvet* is vet wat uit varkvleis gebraai is, en dit mag geen vreemde stof buiten gewone sout bevat nie.

(8) *Lard* is fat rendered from the meat of the pig, and shall contain no foreign substance except common salt.

(9) *Samegestelde varkvet* of *varkvetsamestelling* is 'n mengsel wat minstens 25 persent varkvet met braaivet of ander dierevet bevat, met of sonder katoensaadsterien of ander plantaardige vet, en dit mag geen ander stof buiten gewone sout bevat nie. Op elke pakkie moet 'n etiket met drukletter D aangebring word waarop die name van die bestanddele en die verhouding by benadering van elkeen aangedui word.

(9) *Compound Lard* or *Lard Compound* is a mixture containing not less than 25 per cent of lard with dripping or other animal fat, with or without cottonseed stearin or other vegetable fat, and shall contain no other substance except common salt. Every package shall bear a label in type D, stating the names of the ingredients and the approximate proportion of each.

(10) Vethoudende stowwe wat vir kook- en ander kombuisdoeleindes bedoel is, en wat 'n mengsel is van enige of al die onderstaande stowwe —

(i) olie soos omskryf in subregulasie (11);

(ii) dierevette; en

(iii) gehidrogeniseerde (verharde) plantaardige en visolie en vet;

moet die opskrif „Kookvet" met drukletter D dra. As dit voorberei is van vet en olie van plantaardige oorsprong kan dit die opskrif „Plantaardige Vet" met drukletter D dra. Dit moet vry wees van galsterigheid en 'n onaangename reuk of smaak. Dit mag geen mineraalolie bevat nie, maar kan antioksideermiddels soos voorgeskryf by regulasie 5, bevat.

(11) *Eetbare olie, slaai-olie* of *kookolie* is olie wat algemeen erken word as 'n voedsame voedingstof. Dit moet vry wees van galsterigheid, ontbinding of van onaangename reuk of smaak en mag geen mineraalolie bevat nie. Dit kan antioksideermiddels soos voorgeskryf by regulasie 5, en veroorloofde kleurstowwe bevat. Die etiket op elke pakkie wat eetbare olie bevat, moet met drukletter E die naam van die soort of soorte olie wat dit bevat, aangee. Die standaard van suiwerheid of gehalte van sodanige olies moet dieselfde wees as dié, indien enige, wat bepaal word in die uitgawe van die *British Pharmacopoeia* of die *British Pharmaceutical Codex* wat kragtens die ordonnansie ingevolge regulasie 31, van toepassing is.

(12) *Mayonnaise, Franse slaaisous* en *slaaisous* is voedselprodukte wat gemaak word deur eetbare plantaardige olie met verdunde asynsuur, verdunde asyn en/of 'n verdunde oplossing van sitroensuur met of sonder emulgeermiddels, te meng. Hulle kan mosterd, speserye, sukrose, glukose en/of ander veroorloofde versoetingsmiddels bevat, sowel as veroorloofde kleurstowwe.

(a) *Mayonnaise* is die halfvaste voedsel waarin 'n preparaat wat van eiergeel gemaak is, die enigste emulgeermiddel is. Geen meelhoudende stowwe buiten dié wat in mosterd en speserye teenwoordig is, mag daarby gevoeg word nie. Die olie-inhoud van die verwerkte artikel moet minstens 52 persent wees. Dit mag geskikte eetbare gom as stabiliseerder bevat.

(b) *Franse slaaisous* is 'n vloeibare voedsel wat sonder 'n emulgeermiddel berei word. Geen meelhoudende stowwe, buiten dié wat in mosterd en speserye teenwoordig is, mag daarby gevoeg word nie. Die olie- inhoud moet minstens 35 persent wees.

(c) *Slaaisous* is die halfvaste voedsel, geëmulgeer met eetbare emulgeerpreparate met of sonder eiergeel. Meelhoudende stowwe kan by die bereiding daarvan gebruik word. Die olieinhoud moet minstens 31.5 persent wees.

(13) (a) Niemand mag pluimvee of slagdiere wat vir verkoop bedoel is, met 'n stof wat oestrogeenwerking het, behandel nie.

(b) Pluimvee of slagdiere wat behandel is met 'n stof wat oestrogeniese werking het, word, tensy die teendeel bewys word, beskou as vir verkoop as voedsel bedoel, en waar enigiemand sodanige pluimvee of slagdiere in sy besit het, word daar, tensy die teendeel bewys word, aangeneem dat hy sodanige stof toegedien het.

MINERAALOLIE:

(14) (a) In hierdie regulasie beteken *mineraalolie* enige koolwaterstofproduk, hetsy vloeibaar, halfvloeibaar of solied, wat verkry word uit 'n bestanddeel van mine-

(10) Fatty substance intended to be used for cooking or other culinary purposes and which are a mixture of any or all of the following:—

(i) Oils as defined in subregulation (11);

(ii) animal fats; and

(iii) hydrogenated (hardened) vegetable and marine oils and fats,

shall be labelled "Cooking Fat", in type D. If prepared from fats and oils of vegetable origin, they may be labelled "Vegetable Fat", in type D. They shall be free from rancidity and from objectionable odour and taste. They shall not contain any mineral oil but may contain antioxidants as prescribed by regulation 5.

(11) *Edible oils, salad oils* or *cooking oils* are oils commonly recognised as wholesome foodstuffs. They shall be free from rancidity, decomposition and from offensive odour and taste and shall not contain any mineral oil. They may contain antioxidents as prescribed by regulation 5 and permitted colouring matter. The label of every package containing edible oil shall state in type E the name of the oil or oils contained therein.

The standard of purity or quality for such oils shall be that (if any) laid down in the edition of the *British Pharmacopoeia* or *British Pharmaceutical Codex* in force under the ordinance in terms of regulation 31.

(12) *Mayonnaise. French and salad dressing* are food products made by mixing edible vegetable oil with diluted acetic acid, diluted vinegar and/or a diluted solution of citric acid with or without emulsifying substances. They may contain mustard, spices, sucrose, glucose and/or other permitted sweetening agents and permitted colouring matter.

(a) *Mayonnaise* is the semi-solid food in which the only emulsifying agent present is a preparation made from yolk of eggs. Farinaceous substances except those present in mustard and spices, shall not be added. The oil content of the finished article shall not be less than 52 per cent. It may contain suitable edible gums as stabiliser.

(b) *French dressing* is a liquid food prepared without an emulsifying agent. Farinaceous substances, except those present in mustard and spices, shall not be added. The oil content shall not be less than 35 per cent.

(c) *Salad dressing* is the semi-solid food emulsified with edible emulsifying preparation, with or without egg yolk. Farinaceous substances may be used in its preparation. The oil content shall not be less than 31.5 per cent.

(13) (a) No person shall administer to poultry or slaughter animals intended for sale, any substance having oestrogenic activity.

(b) Poultry or slaughter animals to which has been administered any substance having oestrogenic activity, unless the contrary is proved, shall be presumed to be intended for sale as food, and any person who has in his possesion such poultry or slaughter animals shall be presumed, unless he proves the contrary, to have administered such substance.

MINERAL OIL.

(14) (a) In this regulation *"mineral oil"* means any hydrocarbon product, whether liquid, semi-liquid or solid, derived from any substance of mineral origin, and includes

rale oorsprong, en omvat dit aptekersparaffien, witolies, petroleumjellies en paraffienwas.

(b) Niemand mag voedsel wat mineraalolie bevat of voedsel wat by die produksie, vervaardiging of bereiding daarvan, met mineraalolie in aanraking gekom het, verkoop nie: Met dien verstande dat rosyntjies (buiten Thompson se pitlose rosyntjies), sultanas en pruimedante of voedsel wat noodwendig in aanraking gekom het met mineraalolie wat noodsaaklik gebruik is as 'n smeermiddel by masjinerie en toestelle waarmee sodanige voedsel in aanraking moet kom in die loop van produksie, vervaardiging of bereiding, of voedsel wat as gevolg van 'n noodsaaklike maatreël ten einde bederf of insekbesmetting van die voedsel te voorkom, met mineraalolie in aanraking gekom het, of voedsel wat in waskartondose of waspapier verpak is, hoogstens 0.2 persent volgens gewig aan mineraalolie mag bevat.

liquid paraffins, white oils, petroleum jellies and hard paraffins.

(b) No person shall sell any food containing mineral oil, or any food which has come into contact with mineral oil in its production, manufacture or preparation: Provided that raisins (excluding Thompson's stoneless raisins), sultanas and prunes, or food which has necessarily come into contact with mineral oil necessarily used as a lubricant or greasing agent on machinery and appliances with which such food necessarily comes in contact during the course of its production, manufacture or preparation, or food which has come into contact with mineral oil as a result of necessary measures taken for the prevention of decay or insect infestation of such food, or food which is packed in wax cartons or wax paper, may contain not more than 0.2 per cent of weight of mineral oil.

TEE.

15. *Tee* is die blare en blaarknoppe van die *Thea*-plantsoort, en dit word berei deur gisting en uitdroging of verhitting. Dit mag geen uitgeputte of gedeeltelik uitgeputte blare (dit wil sê, blare waaruit die aktiewe eienskappe geheel of gedeeltelik deur voorafgaande kook of andersins verwyder is) nòg enige vreemde stof bevat nie.

TEA.

15. *Tea* is the leaves and leaf buds of species of *Thea* prepared by fermenting and drying or firing. It shall not contain any exhausted or partly exhausted leaves(that is, leaves from which the active constituents have been wholly or partly removed by previous boiling or otherwise) nor any foreign substance.

KOFFIE, KOFFIEMENGSELS EN KOFFIEPREPARATE.

16. (1) *Koffie* is die saad van een of meer soort *Coffea.*

(2) *Gemaalde koffie* is koffie wat gebrand en gemaal of andersins sodanig berei is dat dit geskik is om 'n aftreksel of afkooksel van te maak. Dit mag geen uitgeputte of gedeeltelik uitgeputte koffie of enige vreemde stof bevat nie.

(3) *Gedekafeïeneerde koffie* is koffie waaruit 'n groot gedeelte van die kafeïen verwyder is. Dit mag nie meer as 0.1 persent kafeïen bevat nie en moet gedekafeïeneerde koffie" met drukletter G gemerk word.

(4) Waar 'n mengsel as *gemengde koffie* of *koffiemengsel* of by 'n soortgelyke naam verpak of verkoop word, en daar geen ander bestanddeel buiten koffie en die naam van die artikel genoem word nie, moet dit uitsluitend uit koffie en sigorei bestaan, waarvan koffie minstens driekwart van die gewig moet uitmaak. Die naam van elke sodanige mengsel moet in die opskrif met drukletter D gedruk word.

(5) Die opskrif van elke mengsel wat *koffie* bevat, insluitende *gemengde koffie* soos omskryf in subregulasie (4) hiervan, moet 'n verklaring met drukletter G bevat, waarin die name van die bestanddele en die verhoudings of persentasies by benadering van elkeen aangegee word. Die name van die bestanddele moet na verhouding van hul hoeveelhede onderskeidelik vermeld word, met die grootste hoeveelheid eerste. Waar die name van die bestanddele op enige ander plek op die etiket of houer verskyn, moet hulle ook met 'n drukletter van eenvormige grootte en opvallendheid wees en moet die naam van die bestanddeel wat die grootste hoeveelheid uitmaak eerste genoem word.

(6) *Koffie-essens* of *koffie-ekstrak* moet net van koffie berei word met of sonder suiker (sukrose) of ander eetbare karbohidrate, en dit moet minstens 0.5 persent kafeïen bevat.

(7) *Essens* of *ekstrak van koffie* en *sigorei* moet van koffie en sigorei met of sonder suiker of ander eetbare

COFFEE, COFFEE MIXTURES AND PREPARATIONS OF COFFEE.

16. (1) *Coffee* is the seed of one or more species of *Coffea.*

(2) *Ground coffee* is coffee roasted and ground or otherwise prepared in a form suitable for making an infusion or decoction. It shall not contain any exhausted or partially exhausted coffee, nor any foreign substance.

(3) *Decaffeinated coffee* shall be coffee from which a large proportion of caffeine has been removed. It shall not contain more than 0.1 per cent of caffeine and shall be labelled "de-caffeinated coffee" in type G.

(4) Every mixture packed or sold as *mixed coffee* or *coffee mixture* or under any similar name, no ingredient other than coffee being mentioned in the name of the article, shall consist solely of coffee and chicory, coffee constituting not less than three-quarters of its weight. The name of every such mixture shall be printed on the label in type D.

(5) The label of every mixture containing *coffee* including *mixed coffee* as described in subregulation (4) hereof shall bear a statement in type G, showing the names of the ingredients and the approximate proportion or percentage of each. The names of the ingredients shall be stated in the order of their respective proportions, that present in the largest proportion being stated first. In addition, where the names of the ingredients appear anywhere else on the label or container, they shall be in type of uniform size and prominence and the name of the ingredient which constitutes the highest proportion shall be mentioned first.

(6) *Coffee essence* or *coffee extract* shall be prepared only from coffee, with or without sugar (sucrose), or other edible carbohydrates and shall contain not less than 0.5 per cent of caffeine.

(7) *Coffee* and *chicory essence* or *extract* shall be prepared from coffee and chicory with or without sugar

karbohidrate berei word. Dit moet minstens 50 persent koffie-ekstrak en minstens 0.25 persent kafeïene bevat en dit moet 'n etiket „koffie-en sigorei-essens" of „koffie- en sigorei-ekstrak" met drukletter D dra.

(8) *Koffie en melk* mag net van melk, suiker en koffie of koffie-ekstrak gemaak word, en moet minstens 0.12 persent kafeïene bevat.

SIGOREI.

17. *Sigorei* is die gedroogde gebrande wortel van die *Cichorium intybus,* en dit mag geen vreemde stof bevat nie buiten 'n spoor van grond of sand wat onvermydelik daarmee vermeng raak wanneer dit versamel word en 'n spoor vetterige stof wat by die branding daarvan gebruik word. Dit mag hoogstens 7.5 persent totale as oplewer, en die as wat na vyf minute se kook in 'n wateroplossing van soutsuur wat 10 persent suiwer HCL bevat, onopgelos oorbly, mag hoogstens 3 persent wees.

KAKAO EN SJOKOLADE.

18. (1) *Kakaobone* is die saad van *Theobroma cacao; kakaobrokke* of *gebroke kakao* is gebrande gebroke kakaobone sonder dop of huls, met of sonder die kiem.

(2) *Kakaodeeg,* insluitende *kakaomassa, kakaoplaat, onversoete bloksjokolade* en *vloeibare kakao* is die vaste of halfvaste massa wat verkry word deur kakaobrokke te maal en dit bevat al die vet wat natuurlik in die brokke teenwoordig is. Dit mag in sy water- en vetvrye residu hoogstens 8 persent totale as, hoogstens 5.5 persent as wat onoplosbaar in water is, en hoogstens 6.5 persent ru vesel bevat.

(3) *Kakao of kakaopoeier* is gepoeierde kakaodeeg waarvan óf geen vet, óf 'n gedeelte van sy vet verwyder is. Sy water- en vetvrye residu mag hoogstens 6.5 persent ru vesel bevat. Ongeag die bepalings van subregulasie (2) van regulasie 3, mag dit nie meer as 70 dele per miljoen koper bevat nie.

(4) *Oplosbare kakao, Hollandse proses-kakao* of *kakao-essens,* is die produk wat verkry word deur kakaodeeg waaruit óf 'n gedeelte, óf geen vet verwyder is nie, met alkali of alkalisoute te behandel. Dit mag hoogstens 5 persent aan totale alkali wat in water oplosbaar is, bevat (dit is alkali of alkalisoute in water oplosbaar wat natuurlikerwys teenwoordig is tesame met bygevoegde alkali of alkalisoute), gereken as kaliumkarbonaat. Sy water- en vetvrye en in-water-oplosbare alkali-vrye residu moet voldoen aan die standaard vir kakao wat subregulasie (3) voorskryf.

(5) *Bereide, saamgestelde, homopatiese* of *versoete kakao* is kakao of oplosbare kakao vermeng met ander gesonde voedingstowwe. Elke pakket daarvan moet 'n etiket dra wat, ná die naam van die preparaat (wat met drukletter C aangebring moet word) die woorde „bevat minstens ..... (die getal of dele persent) dele persent droë vetvrye kakao" met drukletter H moet vermeld.

(6) *Sjokoladedeeg, konfituursjokolade, sjokoladebedekkings* en *sjokoladepoeier* is kakaodeeg soos in subregulasie (2) hiervan bepaal, met of sonder suiker, eiers, melkvet, speserye of onskadelike smaakgewende stowwe. Elk so 'n preparaat moet minstens 10 persent vetvrye kakao bevat, en moet vry wees van kakaodoppe, gewiggewende stowwe, paraffien, of vreemde vet buiten botter-vet.

(7) *Kakao en melk, sjokolade en melk of melksjokolade* moet berei word van melk en kakao met of sonder suiker, gesonde voedingstowwe en onskadelike smaakge-

or other edible carbohydrates. It shall contain not less than 50 per cent of coffee extract and not less than 0.25 per cent of caffeine, and shall be labelled "Coffee and Chicory Essence" or "Coffee and Chicory Extract" in type D.

(8) *Coffee and milk* shall be prepared only from milk, sugar and coffee or coffee extract and shall contain not less than 0.12 per cent caffeine.

CHICORY.

17. *Chicory* is the dried roasted root of *Cichorium Intybus* and shall contain no foreign substance other than a trace of earth or sand unavoidably mixed with it during the process of collection and a trace of fatty matter used in roasting. It shall yield not more than 7.5 per cent total ash, and the ash remaining undissolved after boiling for five minutes in an aqueous solution of hydrochloric acid containing 10 per cent of pure HCL, shall not exceed 3 per cent.

COCOA AND CHOCOLATE.

18. (1) *Cocoa beans* are the seeds of *Theobroma cacao; cocoa nibs* or *cracked cocoa* is the roasted broken cocoa bean freed from its shell or husk, with or without the germ.

(2) *Cocoa paste,* including *cocoa mass, cocoa slab, unsweetened block chocolate,* and *cocoa liquor,* is the solid or semi-solid mass produced by grinding cocoa nibs and containing the whole of the fat naturally present in the nibs. It shall contain in its water and fat-free residue not more than 8 per cent of total ash nor more than 5.5 per cent of ash insoluble in water, nor more than 6.5 per cent of crude fibre.

(3) *Cocoa* or *cocoa powder* is powdered cocoa paste deprived or not of a portion of its fat. Its water and fat-free residue shall contain not more than 6.5 per cent of crude fibre. Notwithstanding the provisions of subregulation (2) of regulation 3 it shall contain not more than 70 parts per million of copper.

(4) *Soluble cocoa, Dutch process cocoa* or *cocoa essence,* is the product obtained by treating cocoa paste deprived or not of portion of its fat, with alkali or alkaline salts. It shall not contain more than 5 per cent of total water soluble alkali (that is water soluble alkali or alkaline salts naturally present, together with added alkali or alkaline salts) calculated as potassium carbonate. Its water and fat-free and water solube alkali-free residue shall conform to the standard for cocoa in subregulation (3) thereof.

(5) *Prepared, compounded, homeopathic* or *sweetened cocoa* is cocoa or soluble cocoa mixed with other wholesome food substances. Every package thereof shall bear a label stating, after the name of the preparation (which shall be in type C) the words "Containing not less than ... (here insert the number of parts per cent) parts per cent of dry, fat-free cocoa" in type H.

(6) *Chocolate paste, confectioner's chocolate, chocolate coatings* and *chocolate powder* are cocoa paste as defined in subregulation (2) hereof, with or without sugar, eggs, milk-fat, spices or harmless flavourings. Every such preparation shall contain not less than 10 per cent of fat-free cocoa, and shall be free from cocoa husks, any weighting substance, paraffin, or foreign fat other than milk-fat.

(7) *Cocoa and milk, chocolate and milk,* or *milk chocolate* shall be prepared from milk and cocoa with or without sugar, wholesome food substances and harmless

wende stowwe, en moet minstens 4 persent vetvrye kakao bevat.

(8) *Sjokolade-suikergoed* moet uitsluitend uit gesonde voedingstowwe bestaan, bedek met of saamgestel van sjokoladedeeg of melksjokolade soos hierdie regulasie bepaal.

VLAPOEIER EN POEDINGPOEIER.

19. *Vla- of poedingpoeier* moet berei word van stysel met of sonder ander gesonde voedingstowwe, met of sonder onskadelike kleur- of smaakgewende stowwe. Woorde soos „eier" of „room" of „roomagtig" of enige ander woord, uitdrukking, ontwerp of middel wat die teenwoordigheid van eier of room aandui, mag nie op 'n pakket wat vla- of poedingpoeier bevat, verskyn nie.

KERRIEPOEIER, BORRIESAMESTELLINGS EN RISSIEPOEIER.

20. (1) *Kerriepoeier* is 'n mengsel van borrie met verskeie speserye en onskadelike smaakgewende stowwe. Dit kan rysmeel, sagomeel of ander meelhoudende stowwe bevat, maar mag geen vreemde mineraalstowwe bevat nie.

(2) *Borriesamestelling* is 'n mengsel van borrie en onskadelike meelhoudende stowwe en dit mag geen vreemde mineraalstowwe bevat nie.

(3) (a) *Rissiepoeier* (Cayenne-peper) is die gemaalde, droë ryp vrug van *Capsicum baccatum L.* of *Capsicum frutescens L.* of ander klein vrugte van *Capsicum.* Dit mag hoogstens 1.5 persent stysel, 28 persent veselstof, 8 persent totale as en 1.25 persent as wat in soutsuur onoplosbaar is, bevat, asook minstens 7 persent nievlugtige eter-ekstrak.

(b) *Rissiepoeiersamestelling* is rissiepoeier vermeng met meelagtige materiaal. Dit moet minstens 50 persent rissiepoeier bevat.

(c) *Masala* is 'n mengsel van rissiepoeier of rissiepoeiersamestelling met of sonder veroorloofde kleurstof, speserye, kruie en meelagtige materiaal. Dit mag geen vreemde mineraalstowwe bevat nie.

GEMMER.

21. (1) *Gemmer* is die gesuiwerde of gedroogde, of afgeskilde en gedroogde, wortelstok van *Zingiber officinale.* Dit mag geen uitgeputte of gedeeltelik uitgeputte gemmer bevat nie, nóg enige vreemde plantaardige of minerale stowwe nie, en dit mag hoogstens 1 persent kalk, gereken as CaO bevat, en hoogstens 7 persent totale as lewer, waarvan minstens 1.5 persent in koue water oplosbaar moet wees.

(2) *Verkalkte gemmer* of *verbleikte gemmer* is heel gemmer wat bedek is met kalsiumkarbonaat, en dit mag hoogstens 10 persent as lewer, en hoogstens 4 persent kalsiumkarbonaat, en dit moet andersins voldoen aan die standaard vir gemmer.

(3) *Gemaalde gemmer* moet, óf van gemmer óf van verkalkte gemmer berei word, moet voldoen aan die standaard vir verkalkte gemmer, en mag geen vreemde stowwe bevat nie.

MOSTERD.

22. *Mosterd* is die gemaalde saad van *Sinapis alba, Brassica juncea* of *Brassica nigra.* Dit mag hoogstens 8 persent totale as lewer en hoogstens 2.5 persent stysel bevat en mag geen ander vreemde stowwe bevat nie.

PEPER.

23. (1) *Swartpeper* is die gedroogde, onryp bessie van *Pipernigrum L.* Dit moet minstens 6.5 persent nie-

flavouring substances and shall contain not less than 4 per cent of fat-free cocoa.

(8) *Chocolate confectionery* shall consist solely of wholesome food substances covered or compounded with chocolate paste or milk chocolate as defined in this regulation.

CUSTARD POWDER AND PUDDING POWDER.

19. *Custard* or *pudding powder* shall be prepared from starch, with or without other wholesome food substances, and with or without harmless colouring or flavouring substances. Words such as "egg" or "cream" or "creamy" or any other word, expression, design or device suggesting the presence of egg or cream shall not appear on any package containing custard or pudding powder.

CURRY POWDER, BORRIE COMPOUND AND CHILLI POWDER.

20. (1) *Curry powder* is a mixture of turmeric with various spices and harmless flavouring substances. It may contain rice flour, sago flour or other farinaceous material, but no foreign mineral substance.

(2) *Borrie compound* is a mixture of turmeric and harmless farinaceous substances and shall be free from foreign mineral substances.

(3) (a) *Chilli powder* (Cayenne pepper) is the ground, dried ripe fruit of *Capsicum baccutum* L. or *Capsicum frutescens L.* or other small fruits of Capsicum. It shall contain not more than 1.5 per cent of starch, 28 per cent of roughage, 8 per cent of total ash and 1.25 per cent of ash which is not soluble in hydrochloric acid and not less than 7 per cent of non-volatile ether extract.

(b) *Chilli powder compound* is chilli powder mixed with farinaceous material. It shall contain at least 50 per cent chilli powder.

(c) *Masala* is a mixture of chilli or chilli powder compound, with or without permissible colouring matter, spices, condiments and farinaceous material. It shall not contain any foreign mineral substance.

GINGER.

21. (1) *Ginger* is the washed or dried or the decorticated and dried, rhizome of *Zingiber officinale.* It shall not contain any exhausted or partly exhausted ginger or any foreign vegetable or mineral matter, or more than 1 per cent of lime calculated as CaO, or yield more than 7 per cent of total ash, of which not less than 1.5 per cent shall be soluble in cold water.

(2) *Limed ginger* or *bleached ginger* is whole ginger coated with carbonate of lime and shall not yield more than 10 per cent ash, nor more than 4 per cent of carbonate of lime and shall conform in other respects to the standard for ginger.

(3) *Ground ginger* shall be prepared either from ginger or limed ginger, shall conform to the standard for limed ginger and shall be free from any foreign substance.

MUSTARD.

22. *Mustard* is the ground seed of *Sinapis alba, Brassica juncea,* or *Brassica nigra.* It shall yield not more than 8 per cent of total ash, shall not contain more than 2.5 per cent of starch and shall not contain any other foreign substance.

PEPPER.

23. (1) *Black pepper* is the dried immature berry of *Piper nigrum L.* It shall contain not less than 6.5 per cent

vlugtige eterekstrak bevat, en mag hoogstens 7 persent totale as lewer. Dit mag geen vreemde stowwe bevat nie.

(2) *Witpeper* is die gedroogte, ryp bessie van *Piper nigrum L.* waarvan die buitelaag verwyder is. Dit moet minstens 6.5 persent nie-vlugtige eterekstrak bevat en mag hoogstens 2.5 persent totale as lewer. Dit mag geen vreemde stowwe bevat nie.

(3) *Gemaalde gemengde peper* is gemaalde wit- en swartpeper, waarvan die witpeper minstens die helfte volgens gewig moet uitmaak. Dit mag geen vreemde stowwe bevat nie.

(4) *Saamgestelde peper* of *Pepersamestelling* is 'n mengsel van peper met onskadelike plantaardige stowwe. Dit moet minstens vyftig (50) persent peper bevat. Die opskrif op elke pakket moet met drukletter H die name van die bestanddele en die verhouding by benadering van elkeen vermeld.

of non-volatile ether extract, nor yield more than 7 per cent of total ash. It shall not contain any foreign substance.

(2) *White pepper* is the dried mature berry of *Piper nigrum L.* from which the outer coating has been removed. It shall contain not less than 6.5 per cent of non-volatile ether extract, nor yield more than 2.5 per cent total ash. It shall not contain any foreign substance.

(3) *Ground mixed pepper* is ground white and black pepper, the white pepper constituting not less than one-half of its weight. It shall not contain any foreign substance.

(4) *Compound pepper* or *Pepper compound* is a mixture of pepper with harmless vegetable substance. It shall contain not les than fifty (50) per cent of pepper. The label of every package shall state, in type H, the names of the ingredients and the approximate proportion of each.

NAELTJIES EN ANDER SPESERYE.

24. (1) *Naeltjies* is die gedroogde blomknoppies van *Eugenia caryophillata.* Naeltjies, gemaal of ongemaal, mag hoogstens 5 persent naeltjie stengels bevat, en mag geen uitgeputte of gedeeltelik uitgeputte naeltjies, nóg enige vreemde stof bevat nie.

(2) *Kaneel* is die gedroogde binnebas van *Cinnamomum zeylanicum* en mag geen kassia of ander vreemde stof bevat nie.

(3) *Kassia* en *kassiaknoppies* is onderskeidelik die gedroogde bas en die gedroogde onrype vruggies van *Cinnamomum Cassia.*

(4) *Gemengde speserye* is 'n mengsel van twee of meer gesonde aromatiese speserye in 'n natuurlike staat wat gemaal en gemeng is, sonder vermindering of onttrekking van hul natuurlike olie. Dit mag geen vreemde stof bevat nie.

CLOVES AND OTHER SPICES.

24. (1) *Cloves* are the dried flower-buds of *Eugenia caryophyllata.* Cloves, whether whole or ground, shall not contain more than 5 per cent of clove stems, nor any exhausted or partially exhaused cloves, nor any foreign substance.

(2) *Cinnamon* is the dried inner bark of *Cinnamomum zeylanicum* and shall not contain any cassia or other foreign substance.

(3) *Cassia* and *cassia buds* are respectively the dried bark and the dried immature fruit of *Cinnamomum cassia.*

(4) *Mixed spice* is a mixture of two or more sound aromatic spices in a natural condition, without any reduction or extraction of their natural oils, ground and mixed. It shall not contain any foreign substance.

SOUSE EN BLATJANGS.

25. *Souse* en *blatjangs* is vloeibare of halfvloeibare mengsels van gesonde voedingstowwe en toekruie met of sonder uie, knoflok en speserye, en met of sonder veroorloofde kleurstowwe, veroorloofde bederfwerende middels en onskadelike smaakgewende of verdikkingsmiddels.

SAUCES AND CHUTNEYS.

25. *Sauces* and *chutneys* are liquid or semi-liquid mixtures of wholesome foodstuffs and condiments with or without onions, garlic and spices and with or without permitted colouring matter, permitted preservative and harmless flavouring or thickening substances.

KONFYT, KONSERF, MARMELADE, VRUGTE JELLIE. ENS.

26. (1) *Konfyt* met inbegrip van *stukkonfyt* en *konserf* is die produk wat verkry word deur skoon, gesonde vrugte, vrugtemoes, gemmer, ingemaakte vrugte, of 'n mengsel van enige twee of meer hiervan met suiker (sukrose) met of sonder water, te kook tot 'n moes of halfsoliede massa. Dit mag geen toegevoegde mineraalsuur, gelatien, stysel, of ander vreemde stof, nóg enige groentebestanddeel buiten dié wat van vrugte afkomstig is van die verskeidenheid vermeld op die etiket, bevat nie, behalwe dat dit speserye, toegevoegde sitroensuur, sitrate, wynsteensuur en/of tartrate van B.P.-gehalte en veroorloofde kleurstowwe kan bevat. Waar vrugte te min pektien bevat, kan pektien of pektienagtige stowwe wat van vrugte verkry word, bygevoeg word: Met dien verstande dat die bygevoegde pektien, gereken as kalsium-pektaat, nie meer as 0.3 persent mag wees nie. Die gebruik van bygevoegde smaakgewende middels word nie veroorloof nie, buiten waar die gebruik daarvan op die etiket vermeld word.

JAM, CONSERVE, MARMALADE, FRUIT-JELLY, ETC.

26. (1) *Jam* including *preserves* and *conserves* is the product obtained by boiling to a pulpy or semi-solid consistency clean sound fruit, fruit pulp, ginger, canned fruit or a mixture of any two or more of these with sugar (sucrose), with or without water. It shall not contain any added mineral acid, gelatine, starch or other foreign substance, nor any vegetable substances other than derived from fruits of the variety mentioned on the label, save that it may contain spice, additional citric acid, citrates, tartaric acid and/or tartrates of B.P. quality and permitted colouring matter. It may contain in the case of fruit deficient in pectin, pectin or pectinous material derived from fruit: Provided that the added pectin shall not exceed 0.3 per cent, calculated as calcium pectate. The use of added flavouring substance shall not be permitted except where its use is disclosed on the label.

Gladde konfyt beteken konfyt gemaak met 'n gladde tekstuur of konfyt wat uitsluitend of hoofsaaklik van vrugte of moes gemaak is wat deur 'n meganiese sif gegaan het.

Smooth jam means jam made to a smooth texture or jam made wholly or predominantly from fruit or pulp, which has passed through a mechanical screen or sieve.

(2) *Marmelade* is die produk wat verkry word deur skoon, gesonde sitrusvrugte of die moes en skille van ander vrugtesoorte met suiker (sukrose), met of sonder water, te kook, en dit kan speserye, toegevoegde sitroensuur, sitrate, wynsteensuur en/of tartrate van B.P.-gehalte en veroorloofde kleurstowwe, bevat. Waar vrugte te min pektien bevat, kan pektien of pektienagtige stowwe, wat van vrugte verkry word, bygevoeg word: Met dien verstande dat die bygevoegde pektien hoogstens 0.3 persent, gereken as kalsiumpektaat, mag wees. Tensy anders op die etiket vermeld word, mag dit geen vrugte of plantaardige stof, uitgesonderd dié wat van sitrus afkomstig is, en ook geen bygevoegde mineraalsuur, gelatien, stysel of ander vreemde stof, bevat nie.

(2) *Marmelade* is the product obtained by boiling clean, sound citrus fruit or the pulp and rinds of other fruits with sugar (sucrose), with or without water, and it may contain spice, additional citric acid, citrates, tartaric acid and/or tartrates of B.P. quality and permitted colouring matter. It may contain in the case of fruits deficient in pectin, pectin or pectinous material derived from fruit: Provided that the added pectin shall not exceed 0.3 per cent, calculated as calcium pectate. Unless otherwise stated on the label, it shall contain no fruit or vegetable matter other than that derived from citrus, and shall not contain any added mineral acid, gelatine, starch or other foreign substance.

(3) Op elke verpakking wat konfyt of marmelade bevat, moet 'n etiket aangebring word met die woorde „konfyt", „stukkonfyt", „konserf" of „marmelade", na gelang, met drukletter E, sowel as die naam of name van die vrug of vrugte waarvan die inhoud berei is, daarop. As die produk van twee of meer soorte vrugte berei is, moet dié waarvan dit hoofsaaklik berei is (dit wil sê, die bestanddeel wat in die hoogste verhouding per gewig teenwoordig is) eerste vermeld word.

(3) Every package containing jam or marmelade shall bear a label with the words in not less than type E, 'Jam', 'Preserve', 'Conserve' or 'Marmalade', as the case may be, together with the name or names of the fruit or fruits from which the contents have been prepared. If prepared from two or more kinds of fruit, that from which the product has mainly been prepared (that is the ingredient present in the highest proportion by weight) shall be named first.

(4) *Vrugtejellie* is die gesonde produk wat verkry word deur die deurgesygde sap of deurgesygde waterekstrak van skoon, gesonde, vars vrugte met suiker te kook totdat dit 'n geskikte dikte bereik. Dit mag geen toegevoegde mineraalsuur, smaakgewende stof, gelatien, stysel of ander vreemde bestanddeel bevat nie, behalwe veroorloofde kleurstowwe, bygevoegde sitroensuur, sitrate, wynsteensuur, en/of tartrate van B.P.-gehalte, en in die geval van vrugte wat 'n tekort aan pektien het, ook pektien of pektienstowwe wat van vrugte afkomstig is: Met dien verstande dat die bygevoegde pektien, as kalsiumpektaat gereken, hoogstens 0.6 persent mag bedra. Op elke verpakking moet 'n etiket met minstens drukletter D aangebring word, met die woord „vrugtejellie" en die naam of name van die soort of soorte vrugte waarvan die inhoud berei is, daarop, en die bestanddeel wat in die hoogste verhouding per gewig daarin teenwoordig is, moet eerste vermeld word.

(4) *Fruit-Jelly* is the sound product obtained by boiling to a suitable consistency the strained juice of or strained water extract from clean, sound, fresh fruit with sugar. It shall not contain any added mineral acid, flavouring substance, gelatine, starch or other foreign substance, except permitted colouring matter, additional citric acid, citrates, tartaric acid and/or tartrates of B.P. quality and in the case of fruits deficient in pectin, pectin or pectinous material derived from fruit: Provided that the added pectin shall not exceed 0.6 per cent calculated as calcium pectate. Every package shall be labelled, in not less than type D, "Fruit-Jelly", with the name or names of the kind or kinds of fruit from which the contents have been prepared, that present in the highest proportion by weight being named first.

(5) By *konfyt, marmelade* of *vrugtejellie* kan sukrose (suiker) deur dekstrose, dekstrose-monohidraat of vloeibare glukose tot 'n hoeveelheid van hoogstens 20 persent van die totale hoeveelheid sukrose vervang word.

(5) In *jam, marmelade* or *fruit-jelly,* dextrose, dextrose monohydrate or liquid glucose may be substituted for sugar (sucrose) to an amount not exceeding 20 per cent of the total amount of sucrose plus dextrose.

(6) *Jelliekristalle* of *tafeljellie* is 'n preparaat bestaande uit gelatien of ander verdikkende stof met suiker en sitroen- of wynsteensuur en veroorloofde kleurstowwe en onskadelike smaakgewende middels daarby. Saggarien en sy soute of natrium- en kalsiumsoute van sikloheksielsulfamiensuur kan as plaasvervanger van suiker (sukrose) gebruik word.

(6) *Jelly Crystals* or *Table Jellies* are a confection of gelatine or other thickening substance with sugar, and citric or tartaric acid, with permitted colouring matter and harmless flavouring substances. Saccharin and its salts or sodium and calcium salts of cyclohexylsulphamic acid may be used in substitution for sugar (sucrose).

(7) Alle konfyt-, marmelade- en vrugtejelliesoorte moet met geraffineerde suiker of meulwitsuiker met of sonder dekstrose, dekstrosemonohidraat of vloeibare glukose, gemaak word, behalwe dat in die geval van marmelade of vrugtejellies, saggarien en sy soute of natrium- en kalsiumsoute van siklohesilsulfamiensuur as plaasvervanger van geraffineerde suiker of meulwitsuiker met of sonder dekstrose, dekstrose-monohidraat of vloeibare glukose, gebruik kan word.

(7) All jams, marmalades and fruit jellies shall be made with refined sugar or mill-white sugar, with or without dextrose, dextrose monohydrate or liquid glucose except that in the case of marmalade and fruit jellies saccharin and its salts or sodium and calcium salts of cyclohexylsulphamic acid may be used in substitution for refined sugar or mill-white sugar, with or without dextrose, dextrose monohydrate or liquid glucose.

(8) *Ingemaakte vrugte* is vrugte wat in lugdig verseëlde houers deur middel van hitte teen bederf bestand gemaak is.

(8) *Canned fruits* are fruits which have been preserved by heat against decay in hermetically sealed containers:—

(a) Op elke houer van ingemaakte vrugte moet 'n etiket aangebring word waarop met minstens drukletter E die naam of name van die vrug wat dit bevat, aangegee word, as die inhoud van twee of meer soorte vrugte gemaak is, moet dié wat in die hoogste persentasie per gewig daarin teenwoordig is, eerste vermeld word. As speserye gebruik is, moet dit met minstens drukletter H op die etiket aangedui word.

(a) Every container of canned fruit shall have a label stating in not less than type E, the name or names of the fruit contained therein. If prepared from two or more kinds of fruit, that present in the highest proportion by weight shall be named first. If spices have been used, this fact shall be noted on the label in not less than type H.

(b) Ingemaakte vrugte moet 'n goeie natuurlike geur hê en vry wees van gebrande, bitter of onaangename geure hoegenaamd.

(b) Canned fruits shall have a good natural flavour and be free from scorched, bitter or objectionable flavours of any kind.

(c) Alle bestanddele moet skoon, gesond, en voedsaam wees.

(c) All ingredients shall be clean, sound and wholesome.

(d) Geen kunsmatige kleurstof wat 'n onnatuurlike kleur aan die verwerkte produk verleen, mag bygevoeg word nie.

(d) No artificial colouring matter that gives an unnatural colour to the product when processed, shall be added.

(e) Die stroop kan net van geraffineerde suiker of meulwitsuiker met of sonder vloeibare glukose berei word, en wat voor dit gebruik word, deur 'n filter van eenhonderdste van 'n duim moet gaan.

(e) The syrup may be prepared only from refined or mill-white sugar with or without liquid glucose and which shall be passed through a filter of at least one-hundredth inch mesh before use.

(9) *Ingemaakte vrugtesap* is onverdunde en ongegiste sap wat afkomstig is van vrugte wat behoorlik ryp geword het, en dit moet al die bestanddele bevat van die vrugte wat gebruik word. Dit kan suiker bevat maar geen bederfwerende middels of bygevoegde kleurstof nie, en dit moet voldoende gepasteuriseer wees om te verseker dat die produk in lugdig verseëlde houers sal goedhou. Die naam of name van die vrug of vrugte waarvan dit gemaak is, moet met minstens drukletter G op die etiket vermeld word. Ingemaakte vrugtesap mag geen lewensvatbare gisstowwe en skimmels bevat nie.

(9) *Canned fruit juices* are undiluted and unfermented juices obtained from properly matured fruit and shall contain all constituents present in the fruits used. They may contain sugar but no preservatives or added colouring matter and shall be sufficiently pasteurized to ensure the preservation of the product in hermetically sealed containers. The fruit or fruits from which they are prepared shall be stated on the label in not less than type G. Canned fruit juices shall be free from viable yeasts and moulds.

10. *Ingemaakte groente of ingemaakte groente met vleis,* is groente of mengsels van groente en vleis wat in lugdig verseëlde houers deur middel van hitte teen bederf bestand gemaak is.

(10) *Canned vegetables* or *canned vegetables with meat,* are vegetables or mixtures of vegetables and meat which have been processed by heat against decay in hermetically sealed containers.

(a) Op alle houers van ingemaakte groente of ingemaakte groente met vleis moet 'n etiket aangebring word waarop met minstens drukletter E die naam of name van die groente, en moontlike vleis wat dit bevat, vermeld moet word; as dit van twee of meer soorte groente berei is, moet dié wat in die hoogste persentasie per gewig daarin teenwoordig is, eerste vermeld word: Met dien verstande dat waar die hoeveelhede verskillende groentesoorte naastenby eweveel is, dit voldoende is om die produk net „gemengde groente" te noem.

(a) All containers of canned vegetables or canned vegetables with meat shall bear a label stating in not less than type E, the name or names of the vegetables and meat, if any, contained therein; if prepared from two or more kinds of vegetables, that present in the highest proportion by weight shall be named first: Provided that where the amounts of different vegetables are approximately equal it will suffice to call the products simply "mixed vegetables".

(b) Ingemaakte groente moet 'n goeie natuurlike geur hê en vry wees van gebrande, bitter of onaangename geure en reuke hoegenaamd.

(b) Canned vegetables shall have a good natural flavour and be free from scorched, bitter or objectionable flavours and odours of any kind.

(c) Alle bestanddele moet skoon, gesond en voedsaam wees.

(d) 'n Veroorloofde kleurstof kan gebruik word, maar die gebruik daarvan moet op die etiket met minstens drukletter H vermeld word.

(e) Net geraffineerde suiker of meulwitsuiker wat aan die bakteriologiese spesifikasies in regulasie 27(1)(e) voldoen, is veroorloof.

(f) Net tafelsout mag by ingemaakte groente of ingemaakte groente met vleis gebruik word, buiten by tamaties wat heel ingemaak word, waar kalsiumchloried van B.P.-gehalte gebruik kan word in hoeveelhede van hoogstens 0.05 persent, uitgedruk as watervrye kalsiumchloried, om die tamaties stewig te maak.

(g) Ingemaakte groente kan met vleis gemeng word: Met dien verstande dat —

(i) by ingemaakte „groente en vleis" minstens 20 persent van die totale inhoud vleis moet wees; en

(ii) by ingemaakte „varkvleis (of spek) en boontjies" minstens 2 persent van die totale inhoud varkvleis (of spek) moet wees.

(h) Op elke houer wat vrugte of groente bevat wat gedroog is en daarná verwerk is, moet 'n etiket aangebring word met die woorde „verwerkte gedroogde..." (die naam van die vrugte of groente wat daarin bevat is, moet gemeld word) met minstens drukletter E. Op die etiket mag geen uitdrukking, tekening of ontwerp verskyn wat voorgee dat die houer varsgeplukte vrugte of groente bevat, soos byvoorbeeld 'n prent van ertjies in die peul of vrugte aan 'n boom, nie.

(i) Ingemaakte suurkool is die produk wat verkry word deur die gisting van gesonde, skoon gekerfde kool waarby sout gevoeg is en wat minstens 1 persent suur, as melksuur uitgedruk, bevat.

(11) Ander ingemaakte produkte is voedselware wat in lugdig verseëlde houers deur middel van hitte teen bederf bestand gemaak is.

(a) *Ingemaakte spaghetti* moet met of sonder die byvoeging van kerrie en/of kaas, van spaghetti en tamatiesous berei word. Tamatieskille, pitjies en stukkies van die kern mag nie daarin teenwoordig wees nie.

(b) *Ingemaakte sop* is die smaaklike voedsel wat berei word deur 'n mengsel van water en verskillende groentesoorte met speserye en geurmiddels te kook en/of te konsentreer, met of sonder graansoorte, graanprodukte, room, botter, melk, vleis- of beenekstrak daarby.

(i) Al die bestanddele moet skoon, gesond en voedsaam wees.

(ii) Vleis- en beenekstrak moet vars wees.

(iii) Eetbare gom kan as setstof bygevoeg word mits die hoeveelheid wat gebruik word hoogstens 0.5 persent eetbare gom is.

(iv) Die enigste veroorloofde versoetingsmiddels is geraffineerde suiker, meulwitsuiker en/of dekstrose.

(v) Ingemaakte sop wat as „roomsop" beskryf word, moet minstens 2 persent per gewig vet bevat; as dit voorts as „gekondenseer" beskryf word, moet dit minstens 3.5 persent vet bevat.

(c) All ingredients shall be clean, sound and wholesome.

(d) Permitted colouring matter may be used but its use shall be disclosed on the label in not less than type H.

(e) Only refined or mill-white sugar which complies with the bacteriological specifications in section 27(1)(e) of these regulations is permitted.

(f) Only table salt shall be used in canned vegetables or canned vegetables with meat, except that in canned whole tomatoes calcium chloride of B.P. quality may be used to firm the tomatoes in amount not exceeding 0.05 per cent, expressed as anhydrous calcium chloride.

(g) Canned vegetables may be mixed with meat: Provided that —

(i) in canned "vegetables and meat" at least 20 per cent of the total contents shall be meat; and

(ii) in canned "pork (or bacon) and beans" at least 2 per cent of the total contents shall be pork (or bacon).

(h) Every package containing a fruit or vegetable which has been dried and thereafter processed shall be labelled in not less than type E "Processed Dried . . ." (the name of the fruit or vegetable contained therein must be stated). The label shall not bear any expression, design or device suggesting the presence of freshly picked fruit or vegetables, e.g. picture of peas in a pod or fruit on a tree.

(i) Canned sauerkraut is the product obtained by the fermentation of sound, clean, shredded cabbage to which salt has been added and which contains not less than one per cent of acid expressed as lactic acid.

(11) Other canned products are foodstuffs which have been processed by heat against decay in hermetically sealed containers. —

(a) *Canned spaghetti* shall be prepared from spaghetti and tomato sauce with or without the addition of curry and/or cheese. Tomato skins, seeds and pieces of the core, shall not be present.

(b) *Canned soups* are the palatable foodstuffs made by cooking and/or concentrating a mixture of water and various vegetables with spices and flavouring materials, with or without cereals, cereal products, cream, butter, milk, meat or bone stock.

(i) All ingredients shall be clean, sound and wholesome.

(ii) Meat and bone stock shall be fresh.

(iii) Edible gum may be added as stabilizer provided the amount used shall not exceed 0.5 per cent of edible gum.

(iv) The only sweetening agents allowed are refined sugar, mill-white sugar and/or dextrose.

(v) Canned soups designated as "cream" soups shall contain at least 2 per cent by weight of fat; if further designated as "condensed" they shall contain at least 3.5 per cent of fat.

(12) Alle ingemaakte voedselprodukte moet onder streng higiëniese toestande berei en in skoon, goeie houers geplaas word. Alle houers moet lugdig verseël word en alle sluitstukke moet sterk en presies gemaak word. Elke vervaardiger moet 'n kodenommer op die houer aanbring of dit daarop laat druk met vermelding van die datum van vervaardiging, en die kode moet op versoek van 'n inspekteur bekend gemaak word. Alle houers wat vir ingemaakte voedselprodukte gebruik word en van blikplaat gemaak is, moet behoorlik vernis word wanneer dit vir ingemaakte voedselware gebruik word wat antosianienkleur-stowwe en/of verbindings wat onverniste blikke verkleur, bevat.

(12) All canned food products shall be prepared and filled into clean, sound containers under strictly hygienic conditions. All containers shall be hermetically sealed and all closures strongly and accurately made; every manufacturer shall mark or imprint the container with a code number indicating the date of manufacture and shall disclose the code at the request of an inspector. All containers used with canned food products made of tinplate shall be suitably lacquered when used for the purpose of canning foodstuffs containing anthocyanin pigments and/or compounds which discolour unlacquered cans.

SUIKER, SUIKERGEBAK, DEKSTROSE EN VERSIERSUIKER.

27. (1) *Suiker (sukrose)* is die produk wat uit die sap van die suikerriet en/of suikerbeet verkry word.

(a) *Geraffineerde suiker* is wit, droë, reuklose, gegranuleerde sukrose wat maklik in koue water oplosbaar is. Dit mag geen smaak buiten soetigheid hê nie. Die sulfaatasinhoud daarvan mag hoogstens 0.03 persent wees, en daar mag hoogstens 0.03 persent reduserende suiker wees. Dit mag hoogstens 0.06 persent vog bevat.

(b) *Meulwitsuiker* is byna-wit, droë, reuklose gegranuleerde sukrose wat in koue water oplosbaar is. Sy soet smaak mag nie meer as 'n geringe mate met dié van melasse ooreenstem nie. Die sulfaatasinhoud daarvan mag hoogstens 0.10 persent wees en daar mag hoogstens 0.03 persent reduserende suiker teenwoordig wees. Dit mag hoogstens 0.06 persent vog bevat.

(c) Goewermentsgraadsuiker mag nie donkerder as lig-goudbruin wees nie en moet geredelik in koue water oplosbaar wees. Dit moet soet wees en kan na melasse smaak.

(d) *Strooisuiker* is geraffineerde suiker waarvan die korreltjies so fyn is dat hoogstens 3 persent in 'n sif met 35 maasgaatjies per duim agterby, en hoogstens 5 persent deur 'n sif met 150 maasgaatjies per duim gaan. Dit kan trikalsiumfosfaat ten 'n hoeveelheid van hoogstens 1 persent, of stysel teen 'n hoeveelheid van hoogstens 3 persent, bevat.

(e) Vir inmaakdoeleindes mag net geraffineerde suiker of meulwitsuiker gebruik word, tensy die gebruik van dekstrose, dekstrosemonohidraat of vloeibare glukose uitdruklik veroorloof word. Wanneer dit by die inmaak van groente en ander produkte wat aan termofiliese bederf onderhewig is, gebruik word, moet die suiker wat hier vermeld word, aan die volgende bakteriologiese spesifikasies voldoen:

(i) die totale getal termofiliese organismes mag hoogstens 100 per 10 gm. suiker wees;

(ii) die totale getal plat suur spore mag hoogstens 10 persent per 10 gm. suiker wees;

(iii) daar mag geen termolifiese gasproduserende anaërobe bespeurbaar wees nie; en

(iv) daar mag hoogstens een sulfied-bederforganisme per 10 gm. suiker teenwoordig wees.

(2) (a) *Dekstrose (watervrye dekstrose)* is 'n wit kristalvormige of korrelagtige, reuklose poeier wat maklik in koue water oplosbaar is en 'n soet smaak het waar-

SUGAR, CONFECTIONERY, DEXTROSE AND ICING SUGAR.

27. (1) *Sugar (sucrose)* is the product obtained from the juice of the sugar cane and/or the sugar beet.

(a) *Refined sugar* shall be white, dry, odourless, granulated sucrose, readily soluble in cold water. It shall have no taste other than sweetness. Its sulphated ash content shall not exceed 0.03 per cent and not more than 0.03 per cent of reducing sugars. It shall not contain more than 0.06 per cent of moisture.

(b) *Mill-white sugar* shall be almost white, dry, odourless, granulated sucrose, soluble in cold water. Its sweet taste shall be not more than slightly suggestive of that of molasses. Its sulphated ash content shall not exceed 0.10 per cent and not more than 0.03 per cent of reducing sugar shall be present. It shall not contain more than 0.06 per cent of moisture.

(c) *Government grade sugar* shall be not more than light golden brown in colour, and shall be readily soluble in cold water. The taste shall be sweet and may be suggestive of molasses.

(d) *Castor sugar* shall be refined sugar of such fineness of grain that not more than 3 per cent will fail to pass through a sieve with 35 meshes to the inch and not more than 5 per cent shall pass through a sieve with 150 meshes to the inch. It may contain tricalcium phosphate in an amount not exceeding 1 per cent or starch in an amount not exceeding 3 per cent.

(e) For canning purposes only refined or mill-white sugar shall be used except where the use of dextrose, dextrose monohydrate or liquid glucose is specifically permitted. When used in the canning of vegetables and other products liable to thermophilic spoilage, the sugars mentioned herein shall comply with the following bacteriological specifications:-

(i) The total thermophilic organisms shall not exceed 100 per 10 gm. of sugar;

(ii) the total number of flat sour spores shall not exceed ten per 10 gm. of sugar;

(iii) thermophilic gas-producing anaerobes shall not be detected at all; and

(iv) there shall not be more than one sulphide spoilage organism per 10 gm. of sugar.

(2) (a) *Dextrose* (anhydrous dextrose) shall be a white crystalline or granular, odourless powder, readily soluble in cold water and with a sweet taste free from

by daar geen vreemde geur is nie. Dit moet minstens 99.9 persent watervrye dekstrose, en mag hoogstens 0.1 persent sulfaatas, 0.018 persent vry suur, as soutsuur gereken, 20 dele koper per miljoen en 15 dele yster per miljoen, bevat.

(b) *Dekstrosemonohidraat (gesuiwerde glukose)* moet, ná korreksie vir die kristalwater, wat by die toepassing van hierdie subregulasie op 9.1 persent gereken word, aan dieselfde spesifikasies voldoen as dié wat vir watervrye dekstrose voorgeskryf is.

(c) *Vloeibare glukose* is 'n kleurlose tot lig strooikleurige, reuklose, taai stroop met 'n soet smaak waarby daar geen vreemde geur is nie. Dit bestaan uit 'n mengsel van dekstrose, maltose, dekstrien en water. Dit mag hoogstens 0.6 persent sulfaatas, 0.045 persent vry suur, as soutsuur gereken, 20 dele koper per miljoen en 20 dele yster per miljoen, bevat.

(d) Wanneer dekstrose, dekstrosemonohidraat of vloeibare glukose by die inmaak van groente en ander produkte wat aan termofiliese bederf onderhewig is, gebruik word, moet dit aan die bakteriologiese spesifikasies, soos voorgeskryf vir suikers in regulasie 27 (1)(e) voldoen.

(3) *Versiersuiker* is 'n poeiersuiker wat van geraffineerde suiker berei word. Dit kan trikalsiumfosfaat teen hoogstens 1 persent of stysel teen hoogstens 3 persent, bevat. Die korrels moet so fyn wees dat hoogstens 2 persent in 'n sif met 100 maasgaatjies per duim agterbly en minstens 65 persent deur 'n sif met 200 maasgaatjies per duim gaan.

(4) *Suikergebak* is die produk wat gemaak word van suiker (sukrose), dekstrose en ander versoetingstowwe wat vir voedsel gebruik word, met of sonder veroorloofde kleursel of onskadelike geursel, emulgeer- of verdikkende stowwe, en met of sonder ander voedingstowwe soos botter, voedsame eetbare olies, vars eiers, melksjokolade, neute of vrugte. Dit mag geen harpuis of enige vreemde mineraalstof bevat nie.

foreign flavour. It shall contain not less than 99.9 per cent of anhydrous dextrose and may contain not more than 0.1 per cent of sulphate ash, 0.018 per cent of free acid, calculated as hydrochloric acid, 20 parts per million of copper and 15 parts per million of iron.

(b) *Dextrose monohydrate* (purified glucose) shall conform to the same specifications laid down for anhydrous dextrose, after correction for its water of crystallization which for the purpose of this subregulation is taken as 9.1 per cent.

(c) *Liquid glucose* is a colourless to light straw-coloured, odourless, viscid syrup with a sweet taste free from foreign flavour. It consists of a mixture of dextrose, maltose, dextrin and water. It may contain not more than 0.6 per cent sulphate ash, 0.045 per cent free acid, calculated as hydrochloric acid, 20 parts per million of copper and 20 parts per million of iron.

(d) When devtrose, dextrose monohydrate or liquid glucose is used in the canning of vegetables and other products liable to thermophilic spoilage, they shall comply with the bacteriological specification as laid down for sugars in regulation 27 (1) (e).

(3) *Icing sugar* is a powdered sugar prepared from refined sugar. It may contain tricalcium phosphate in an amount not exceeding 1 per cent or starch in an amount not exceeding 3 per cent. The grains shall be of such fineness that not more than 2 per cent shall remain on a sieve, with 100 meshes to the inch and not less than 65 per cent shall pass through a sieve with 200 meshes to the inch.

(4) *Confectionery* is the product made from sugar (sucrose), textrose and other sweetening substances used for food, with or without permitted colouring matter, harmless flavouring substances, emulsifiers or thickening substances, and with or without other food substances, such as butter, wholesome edible fats, fresh eggs, milk, chocolate, nuts or fruits. It shall not contain any resin or any foreign mineral substances.

VRUGTESAPPE, VERDUNDE VRUGTESAPPE, VERSOETE VERDUNDE VRUGTESAPPE, GEKONSENTREERDE VRUGTESAPPE, VRUGTEPUREES EN VRUGTENEKTARS.

28. (1) (a) *Vrugtesappe* is die skoon, ongegiste sappe verkry van onbedorwe en gesonde vars ryp vrugte, en moet al die sapbestanddele natuurlik teenwoordig in die gebruikte vrugte bevat waaruit die pektien egter verwyder kan word. Hulle mag geen vreemde stof, uitgesonderd veroorloofde bederfwerende middels, bygevoegde sitroensuur, appelsuur of wynsteensuur, bevat nie. Die pakket moet van 'n etiket voorsien wees waarop die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, met drukletter G vermeld moet staan.

(b) *Versoete vrugtesappe* is die skoon, ongegiste sappe verkry van onbedorwe en gesonde vars ryp vrugte, en moet al die sapbestanddele natuurlik teenwoordig in die gebruikte vrugte bevat waaruit pektien egter verwyder kan word. Hulle mag geen vreemde stof, uitgesonderd bygevoegde suiker (sukrose) en/of dekstrose en/of vloeibare glukose tot 'n maksimum van 10 persent volgens gewig, veroorloofde bederfwerende middels, en bygevoegde sitroensuur, appelsuur of wystynsuur, bevat nie. Die pakket moet 'n etiket dra waarop die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, met drukletter G vermeld moet staan en die woord „versoete" moet die naam van die vrug of vrugte waarvan die sappe berei is, kwalifiseer en moet in druk van dieselfde grootte en prominensie wees.

FRUIT JUICES, DILUTED FRUIT JUICES, SWEETENED DILUTED FRUIT JUICES, CONCENTRATED FRUIT JUICES, FRUIT PUREES AND FRUIT NECTARS.

28. (1) (a) *Fruit juices* are the clean, unfermented juices obtained from sound and wholesome fresh ripe fruits, and shall contain all the juice constituents naturally present in the fruit used, but from which the pectin may be removed. They shall not contain any foreign substance except permitted preservative and added citric, malic or tartaric acid. The package shall bear a label stating in type G the name of the fruit or fruits from which the product has been prepared.

(b) *Sweetened fruit juices* are the clean, unfermented juices obtained from sound and wholesome fresh ripe fruits and shall contain all the juice constituents naturally present in the fruits used, except that pectin may be removed. They shall not contain any foreign substances other than added sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose to a maximum of 10 per cent by weight, permitted preservative and added citric, malic or tartaric acid. The package shall bear a label stating in type G the name of the fruit or fruits from which the product has been prepared and the word "Sweetened" shall qualify the name of the fruit or fruits from which the juices have been prepared and shall be in type of the same size and prominence.

(c) *Verdunde vrugtesappe* is die skoon en ongegiste sappe verkry van onbedorwe en gesonde vars ryp vrugte, en moet al die sapbestanddele natuurlik teenwoordig in die gebruikte vrugte, bevat, waaruit pektien egter verwyder kan word, en waarby skoon drinkbare water gevoeg is, sodat minstens 75 persent van die vrugtesap teenwoordig is. In die geval van druiwesap moet die totale oplosbare vaste stowwe minstens 15° Brix wees as dit gemeet word op 'n refraktometer by 20°C. Hulle mag geen vreemde stowwe, uitgesonderd veroorloofde bederfwerende middels en bygevoegde sitroensuur, appelsuur of wynsteensuur, bevat nie. Die pakket moet van 'n etiket voorsien wees waarop die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, tesame met 'n verwysing na die minimum persentasie vrugtesap soos hierbo voorgeskryf, met drukletter G vermeld, moet staan. Die woord „verdunde" moet die naam van die vrug of vrugte waarvan die sappe berei is, kwalifiseer en moet in druk van dieselfde grootte en prominensie wees.

(d) *Versoete verdunde vrugtesappe* is die skoon, ongegiste sappe verkry van onbedorwe en gesonde vars ryp vrugte en moet al die sapbestanddele natuurlik teenwoordig in die gebruikte vrugte bevat, waaruit pektien egter verwyder kan word, en waarby skoon drinkbare water gevoeg is sodat minstens 75 persent van die vrugtesap teenwoordig is. Hulle mag geen vreemde stowwe, uitgesonderd bygevoegde suiker (sukrose) en/of dekstrose en/of vloeibare glukose, veroorloofde bederfwerende middels en bygevoegde sitroensuur, wynsteensuur of appelsuur, bevat nie. Die pakket moet van 'n etiket voorsien wees waarop die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is tesame met 'n verwysing na die minimum persentasie vrugtesap soos hierbo voorgeskryf, met drukletter G vermeld, moet staan. Die woorde „Versoete Verdunde" moet die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, kwalifiseer, en moet in druk van dieselfde grootte en prominensie wees.

(e) *Gekonsentreerde vrugtesappe* is die skoon, ongegiste sappe met of sonder die sagte weefsels van die sapselle, verkry van onbedorwe en gesonde vars ryp vrugte, en moet al die sapbestanddele natuurlik teenwoordig, bevat, behalwe dat minstens 50 persent van die water, natuurlik teenwoordig in 'n vrugtesap, verdamp is. Hulle mag geen vreemde stof, uitgesonderd veroorloofde bederfwerende middels en bygevoegde sitroensuur, appelsuur of wynsteensuur, bevat nie. Die pakket moet van 'n etiket voorsien wees waarop die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, met drukletter G vermeld is, en die woord „gekonsentreerde" moet die naam van die produk kwalifiseer en moet in druk van dieselfde grootte en prominensie wees.

(f) *Versoete gekonsentreerde vrugtesappe* is die produkte soos omskryf in subregulasie (e) en moet daarbenewens bygevoegde suiker (sukrose) en/of dekstrose en/of vloeibare glukose bevat. Die pakket moet van 'n etiket voorsien wees waarop die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, met drukletter G vermeld moet staan. Die woorde „versoete gekonsentreerde" moet die naam van die produk kwalifiseer, en moet in druk van dieselfde grootte en prominensie wees.

(g) *Vrugtenektars* of *vrugtepurees* is die gesifte, skoon, ongegiste sap en pulp verkry van onbedorwe en gesonde vars ryp vrugte. Hulle kan verdun wees om minstens 75 persent van die sap en pulp te bevat. Hulle mag geen vreemde stof uitgesonderd suiker (surkose) en/of dekstrose en/of vloeibare glukose, bygevoegde water, veroorloofde bederfwerende middels en sitroensuur, appelsuur of wynsteensuur, bevat nie. Die pakket moet van 'n etiket voorsien wees waarop die voorgestelde verdunning en naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, tesame met 'n verwysing na die minimum

(c) *Diluted fruit juices* are the clean and unfermented juices obtained from sound and wholesome fresh ripe fruits containing all the juice constituents naturally present in the fruit used, but from which pectin may be removed and to which clean, potable water has been added so that not less than 75 per cent of the fruit juice shall be present. In the case of grape juice the total soluble solids shall not be less than 15° Brix when measured on a refractometer at 20°C. They shall not contain any foreign substances except permitted preservative and added citric, malic or tartaric acid. The package shall bear a label stating in type G the name of the fruit or fruits from which the product has been prepared together with a reference to the minimum percentage of fruit juice as prescribed above. The word "Diluted" shall qualify the name of the fruit or fruits from which the juices have been prepared and shall be in type of the same size and prominence.

(d) *Sweetened diluted fruit juices* are the clean, unfermented juices obtained from sound and wholesome fresh ripe fruits containing all the juice constituents naturally present in the fruit used, but from which pectin may be removed and to which clean, potable water has been added so that not less than 75 per cent of fruit juice shall be present. They shall not contain any foreign substances except added sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose, permitted preservative and added citric, tartaric or malic acid. The package shall bear a label stating in type G the name of the fruit or fruits from which the product has been prepared together with a reference to the minimum percentage of fruit juice as prescribed above. The words "Sweetened Diluted" shall qualify the name of the fruit or fruits from which the juices have been prepared and shall be in type of the same size and prominence.

(e) *Concentrated fruit juices* are the clean, unfermented juices with or without the soft tissues of the juice cells obtained from sound and wholesome fresh ripe fruit, and shall contain all the juice constituents naturally present except that at least 50 per cent of the water naturally present in the fruit juice shall have been evaporated. They shall not contain any foreign substance except permitted preservative and added citric, malic or tartaric acid. The package shall bear a label stating in type G the name of the fruit or fruits from which the product has been prepared, and the word "Concentrated" shall qualify the name of the product and shall be in type of the same size and prominence.

(f) *Sweetened concentrated fruit juices* are the products as defined in subregulation (e) and shall in addition contain added sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose. The package shall bear a label stating in type G the name of the fruit or fruits from which the products have been prepared. The words "Sweetened Concentrated" shall qualify the name of the product and shall be in type of the same size and prominence.

(g) *Fruit nectars* or *fruit purees* are the screened, clean, unfermented juice and pulp obtained from sound and wholesome fresh ripe fruits. They may be diluted to contain not less than 75 per cent of the juice and pulp. They shall not contain any foreign substance other than sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose, added water, permitted preservative and citric, malic or tartaric acid. The package shall bear a label stating in type G the suggested dilution and the name of the fruit or fruits from which the product has been prepared together

persentasie vrugtesap en pulp soos hierbo voorgeskryf, met drukletter G vermeld moet staan.

VRUGTESTROPE, VRUGTEDRANKE, „CRUSHES" EN KWASTE.

(2) *Vrugtestrope, vrugtedranke, „crushes"* en *kwaste* moet berei word van sappe van onbedorwe en gesonde vars ryp vrugte en skoon drinkbare water. Hulle mag geen ander smaakgewende stof bevat nie as dié wat natuurlik teenwoordig is in die vrug of vrugte waarvan hulle berei is, nóg enige vreemde stof uitgesonderd gliserien, suiker (sukrose) en/of dekstrose en/of vloeibare glukose, met of sonder die byvoeging van sitoensuur, appelsuur of wynsteensuur of veroorloofde bederfwerende middels of veroorloofde kleurstof. Hulle moet minstens 25 persent vrugtesap en 25 persent bygevoegde suiker (sukrose) bevat. Die pakket moet van 'n etiket voorsien wees waarop die naam van die vrug of vrugte waarvan die produk berei is, tesame met 'n verwysing na die minimum persentasie vrugtesap soos hierbo voorgeskryf, met drukletter G vermeld moet staan.

GEGEURDE DRANKE.

(3) *Nie-deurlugte* of *nie-gekarboneerde natuurlik gegeurde dranke* moet berei word van skoon drinkbare water, suiker (sukrose) en/of dekstrose en/of vloeibare glukose met of sonder die byvoeging van sitroensuur, appelsuur of wynsteensuur en veroorloofde kleurstowwe, en gegeur word met natuurlike vrugteolies of vrugtesappe. Hulle mag geen sintetiese of kunsmatige smaakgewende stof bevat nie. Hulle kan gliserien of veroorloofde bederfwerende middels bevat, en moet van 'n etiket voorsien wees met die naam van die smaakgewende natuurlike vrugteolies of -sap onmiddellik voor die woorde „gegeurde drank' bv., „lemoengegeurde drank" met drukletter G. Geen afbeelding of ontwerp wat die teenwoordigheid van die natuurlike vrug suggereer, mag op die etiket van hierdie produkte verskyn nie.

(4) *Nie-deurlugte* of *nie-gekarboneerde kunsmatig gegeurde dranke* moet berei word van skoon, drinkbare water met of sonder onskadelike sintetiese smaakgewende stowwe, suiker (sukrose) en/of dektrose en/of vloeibare glukose, kleurstowwe en veroorloofde bederfwerende middels. Elke sodanige artikel moet van 'n etiket voorsien wees wat die woorde „nagemaakte" of „kunsmatige" of „sintetiese" of „berei van sintetiese bestanddele" prominent met drukletter G vertoon. Geen afbeelding of ontwerp wat die teenwoordigheid van die natuurlike vrug suggereer, mag op die etiket van hierdie produk verskyn nie.

DEURLUGTE OF MINERAALWATERS.

(5) (a) *Spuit-* of *mineraalwater* is deurlugte of gekarboneerde vrugtesapdranke en namaaksels daarvan, ander deurlugte of gekarboneerde dranke, hetsy enkelvoudig of saamgestel, insluitende hopbier en gemmerbier, mineraalwater van die „sodawater"-tipe en natuurlike gekarboneerde fonteinwater. Hulle kan berei word van vrugtesappe, groente-ekstrakte, natuurlike smaakgewende bestanddele, natuurlike geurselekstrakte, onskadelike sintetiese smaakgewende bestanddele of van samestellings van twee of meer van hierdie bestanddele. Hulle moet berei word van suiwer drinkwater en kan suiker (sukrose) en/of dekstrose en/of vloeibare glukose, sitroen- en wynsteensuur of mengsels daarvan of ortofosforsuur, toelaatbare kleurstowwe met of sonder toelaatbare bederfwerende middels bevat, en moet onder druk versadig

with a reference to the minimum percentage fruit juice and pulp as prescribed above.

FRUIT SYRUPS, CORDIALS, CRUSHES AND SQUASHES.

(2) *Fruit syrups, cordials, crushes* and *squashes* shall be prepared from juices of sound and wholesome fresh ripe fruits and clean, potable water. They shall not contain any flavouring substance other than that naturally present in the fruit or fruits from which they have been prepared nor any foreign substance except glycerin, sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose, with or without the addition of citric, malic or tartaric acid or permitted preservative or permitted colouring matter. They shall contain not less than 25 per cent of fruit juice and 25 per cent of added sugar (sucrose). The package shall bear a label stating in type G the name of the fruit or fruits from which the product has been prepared together with a reference to the minimum percentage fruit juice as prescribed above.

FLAVOURED BEVERAGES OR DRINKS.

(3) *Non-aerated* or *non-carbonated naturally flavoured beverages* or *drinks* shall be prepared from clean, potable water, sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose with or without the addition of citric, malic or tartaric acid and permitted colouring matter, and flavoured with natural fruit oils or fruit juices. They shall not contain any synthetic or artificial flavouring substance. They may contain glycerin or permitted preservative, and shall bear a label with the name of the flavouring, natural fruit oil or juice immediately preceding the words "flavoured beverage" or "drink", e.g. "Orange Flavoured Beverage/Drink" in type G. No pictorial representation or design suggesting the presence of the natural fruit shall appear on the label of these products.

(4) *Non-aerated* or *noncarbonated artificially flavoured beverages* or *drinks* shall be prepared from clean potable water with or without harmless synthetic flavouring, sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose, colouring matter and permitted preservative. Every such article shall bear a label prominently displaying the word "imitation" or "artificial" or "synthetic" or "prepared from synthetic ingredients" in type G. No pictorial representation or design suggesting the presence of the natural fruit shall appear on the label of these products.

AERATED OR MINERAL WATERS.

(5) (a) *Aerated* or *mineral waters* are aerated or carbonated fruit juice beverages and imitations thereof, other aerated or carbonated beverages, whether simple or compounded, including hopbeer and gingerbeer, mineral waters or the "sodawater" type and natural carbonated springwaters. They may be prepared from fruit juices, vegetable extracts, natural flavouring substance, natural essences, harmless synthetic flavouring substance or from combinations of two or more of these ingredients. They must be prepared from potable water and may contain sugar (sucrose) and/or dextrose and/or liquid glucose, citric and tartaric acid, or mixtures thereof or orthophosphoric acid, permitted colouring matter, with or without the addition of permitted preservatives and shall be impregnated with pure carbondioxide in clean and herme-

wees met suiwer koolsuurgas in skoon lugdig verseëlde houers. Die suurgehalte moet sodanig wees dat die pH-waarde minstens 2.5 is. Elke sodanige artikel moet van 'n etiket voorsien wees wat die bewoording „nagemaakte" of "kunsmatige" of „sintetiese" of „berei van sintetiese bestanddele" prominent met drukletter G vertoon.

(b) Geen mineraalsuur mag in spuit- of mineraalwater gebruik word nie, buiten ortofosforsuur van B.P.-gehalte, en dan in 'n hoeveelheid van hoogstens 0.06 persent gewig per volume.

(c) Geen spuit- of mineraalwater mag meer as 150 dele kaffeïen per miljoen, bevat nie.

(d) Spuit -of mineraalwater waarby kina gevoeg is moet minstens 50 dele en hoogstens 100 dele kina per miljoen, gereken as kinasulfaat, bevat.

(e) (i) Onskadelike skuimmakende stowwe kan in spuit- of mineraalwater gebruik word.

(ii) Onskadelike eetbare gebromeerde of gesulfoneerde olie kan gebruik word om 'n newelagtige voorkoms in spuit- of mineraalwater te bewerkstellig. Gebromeerde olies mag hoogstens 33 persent broom-bromium bevat, en die suurgehalte van die olie, uitgedruk as hidrobroomsuur, mag hoogstens 0.1 persent wees.

(6) Geen uitdrukking, ontwerp of middel wat die teenwoordigheid van vrugte of natuurlike vrugtesap aantoon of te kenne gee, mag verskyn op die etiket van 'n artikel in hierdie regulasies genoem of bedoel nie, as dit enige nagemaakte of kunsmatige of sintetiese smaakgewende bestanddele vervat nie.

tically sealed containers. The degree of acidity shall be such as to give a pH value of not less than 2.5. Every such article which contains any artificial or synthetic flavouring substances shall bear a label with the word "Imitation" or "Artificial" or "Synthetic" or the words "Prepared with Synthetic Ingredients" in type G.

(b) No mineral acid may be used in aerated or mineral waters except orthophosphoric acid of B.P. quality in an amount not exceeding 0.06 per cent weight by volume.

(c) No aerated or mineral water may contain more than 150 parts of caffein per million.

(d) Any aerated or mineral water to which quinine has been added shall contain not less than 50 and not more than 100 parts per million of quinine, calculated as quinine sulphate.

(e) (i) Harmless foam-producing substances may be used in aerated or mineral waters.

(ii) Harmless edible brominated or sulphonated oils may be used to produce clouding effects in aerated or mineral waters. Brominated oils shall contain not more than 33 per cent bromine and the acidity of the oil expressed as hydrobromic acid shall not exceed 0.1 per cent.

(6) No expression, design or device indicating or suggesting the presence of fruit or any natural fruit juice shall appear on the label of any article mentioned or referred to in this regulation which contains any imitation or artificial synthetic flavouring ingredients.

GROENTESAPPE.

(7) (a) *Groentesappe* is die skoon, ongegiste sappe verkry van onbedorwe en gesonde groente en moet al die natuurlike teenwoordige sapbestanddele van die gebruikte groente bevat. Hulle moet geen vreemde stof, uitgesonderd bygevoegde sout en veroorloofde bederfwerende middels bevat nie. Die groente of groentes waarvan hulle berei is, moet op die etiket met drukletter G vermeld staan.

(b) *Gegeurde groentesappe* is die sappe soos uiteengesit in subregulasie (a). Hulle moet gegeur wees met natuurlike smaakgewende stowwe en kan veroorloofde kleurstowwe bevat.

VEGETABLE JUICES.

(7) (a) *Vegetable juices* are the clean, unfermented juices obtained from sound and wholesome vegetables and shall contain all the juice constituents naturally present in the vegetables used. They shall not contain any foreign substance except added salt and permitted preservative. The vegetable or vegetables from which they are prepared shall be stated on the label in type G.

(b) *Flavoured vegetable juices* are the juices as defined in subregulation (a). They shall be flavoured with natural flavouring substances and may contain permitted colouring matter.

BEDERFBARE ARTIKELS.

29. By die toepassing van die ordonnansie word vars melk, vars vleis, vars vis, vars vrugte, vars groente en elke ander soort voedsel wat van so'n aard of vorm is of wat sodanig verpak is dat dit onderhewig is aan ontbinding of bederf teen gewone temperature, beskou as bederfbare artikels.

PERISHABLE ARTICLES.

29. For the purposes of the ordinance fresh milk, fresh meat, fresh fish, fresh fruit, fresh vegetables, and any other article of food which is of such a nature or is in such form or is so packed as to be liable to decomposition or deteriortion at ordinary temperatures, shall be deemed to be perishable articles.

BEDERFWERENDE MIDDELS WAT INSPEKTEURS MOET GEBRUIK.

30. Die bederfwerende middels wat by melk- of roommonsters ingevolge subartikel (6) van artikel 21 van die ordonnansie gevoeg kan word, is trikresol of for-

PRESERVATIVES TO BE USED BY INSPECTORS.

30. The preservatives which may be added to samples of milk or cream as provided in subsection (6) of section 21 of the ordinance, shall be trikresol or formalin, issued

malien wat deur die Departement van Gesondheid (Republiek van Suid-Afrika) kragtens die bepalings van die regulasies onder die Wet op Voedsel, Medisyne en Ontsmettingsmiddels 1929 (Wet 13 van 1929), uitgereik word in verseëlde pakkies elk met drie buisies van die bederfwerende middel. Waar die byvoeging van 'n bederfwerende middel raadsaam beskou word en die monster nie verdeel is nie, moet die inhoud van al drie buisies by die monster gevoeg word. Waar die monster verdeel is, moet die inhoud van een buisie by elke afsonderlike deel van die monster gevoeg word.

GENEESMIDDELS.

31. (1) Ten opsigte van 'n geneesmiddel of artikel wat in die *British Pharmacopoeia* 1963 uitgawe en enige amptelike byvoegsel daartoe genoem word, moet die samestellingsgehalte, krag, sterkte, suiwerheid of gehalte aan die voorskrifte daarvan voldoen, en ten opsigte van 'n geneesmiddel of artikel wat nie aldus genoem word nie maar wel genoem word in die 1963 uitgawe van die *British Pharmaceutical Codex* deur die *Pharmaceutical Society of Great Britain* uitgegee, of 'n byvoegsel daarvan, moet die standaard wat daarin voorgeskryf word, nagekom word, behalwe ten opsigte van die ondervermelde geneesmiddels of artikels wat van sodanige standaarde uitgesluit is:-

BRITISH PHARMACEUTICAL CODEX	SINONIEM
Acetum Odoratum	Toiletasyn
Acidum Aceticum Aromaticum	Aromatiese asyn
Aqua Mellis	Heuningwater
Colludium Salicylicum Compositum	Liddoringverf
Creta Cum Camphora . . .	Gekamferde kryt
Liquor Cocci	Cochenillevloeistof
Liquor Salolis Compositus .	Salol-mondspoelmiddel
Lotio Olei Amygdalae . . .	Erasmus Wilson
Ammoniata	Haarmiddel
Lotio Rosae	Melk van rose
Lotio Staphisagriae . . .	Kinderhaarmiddel
Pasta Acidi Stearici . . .	Ongegeurde verdwynroom
Pasta Hamamelidis	Haselaarsneeu of verdwynsmeersalf
Pulvis Acidi Salicylici Compositus	Voetpoeier
Spiritus Coloniensis . . .	Keulse spiritus; Keulse water
Spiritus Myrciae Compositus	Spiritus Punental composite
Spiritus Lavandulue Compositus	Laventelwater
Unguentum Aquae Rosae . .	Rooswatersalf
Unguentum Camphorae Durum	Kanferys
Uguentum Methylis Salicylatis Compositum . . .	Pyndodende smeersalf.

HOLLANDSE MEDISYNE.

(2) Die standaard ten opsigte van Hollandse medisyne wat hieronder genoem word, is dié wat in die lo-

DRUGS.

31. (1) In respect of any drug or article mentioned in the *British Pharmacopoeia* 1963 edition and any official addenda thereto, the standard of composition, strength, potency, purity or quality shall be that specified therein and in respect of any drug or article not so mentioned, but which is mentioned in the 1963 edition of the *British Pharmaceutical Codex,* published by the *Pharmaceutical Society of Great Britain,* or in any supplement thereto such standard shall be that specified therein except as regards the following drugs or articles which shall be exempted from such standard:—

BRITISH PHARMACEUTICAL CODEX.	SYNONYM.
Acetum Odoratum	Toilet vinegar
Acidum Aceticum Aromaticum	Aromatic vinegar
Aqua Mellis	Honey water
Collodium Salicylicum compositum	Collodium callosum
Creta cum Camphora . . .	Camphorated chalk
Liquor Cocci	Liquid cochineal
Liquor Salolis Compositus .	Salol mouth-wash
Lotio Olei Amygdalae . . .	Erasmus Wilson's
Ammoniata	Hair lotion
Lotio Rosae	Milk of roses
Lotio Staphisagrae	Nursery hair lotion
Pasta acidi stearici	Unscented vanishing cream
Pasta Hamamelidis	Witch hazel cream
Pulvis Acidi Salicylici Compositus	Pulvis pro pedibus
Spiritus Coloniensis . . .	Aqua coloniensis
Spiritus Myrciae Compositus	Compound spirit of pimento
Spiritus lavandulae compositus	Aqua Lavendulae
Unguentum Aquae Rosae . .	Rosewater ointment
Unguentum Camphorae Durum	Camphor ice
Unguentum Methylis Salicylatis Compositum . . .	Analgesic balsam

DUTCH MEDICINES.

(2) The standard in respect of the Dutch medicines listed hereunder shall be as laid down in the current edi-

pende uitgawe van die *British Pharmacopoeia* of die *British Pharmaceutical Codex* wat die *Pharmaceutical Society of Great Britain* uitgee, of 'n byvoegsel daarvan, bepaal word:-

tion of the *British Pharmacopoeia,* or *British Pharmaceutical Codex* published by the *Pharmaceutical Society of Great Britain* or in any supplement thereto:—

LYS FORMULES VAN HOLLANDSE MEDISYNES.

LYS A — Die ondervermelde is die formules vir die Hollandse medisynes vermeld:-

HOLLANDSE MEDISYNE	BRITISH PHARMACOPOEIA OF BRITISH PHARMACEUTICAL CODEX-EKWIVALENT.
Bloedstillende druppels	Tinctura Ferri Perchloridi B.P.C. 1949.
Boegoe-essens	Tinctura Buchu B.P.C. 1949.
Daizpalmpleister	Emplastrum Plumbi in Massa B.P.C. 1949.
Doepa	Benzoin B.P. 1953.
Doepaolie	Balsamum Peruvianum B.P. 1948.
Duiwelsdrek	Asafoetida B.P.C. 1949.
Duiwelsdrekdruppels	Tinctura Asafoetidae B.P.C. 1949.
Grouvomitief	Prepared Ipecacuanha B.P. 1953. Standardization of dose 10 grains
Gal- en slymmengsel	Mixtura Sennae Composita B.P. 1948.
Hartshoringoplossing	Liquor Amoniae Dilitus B.P. 1953.
Hoffmansdruppels	Spiritus Aetheris.
Kamille	Anthemis B.P.C. 1949.
Kamille-essens	A 1 in 10 tincture prepared from Anthemis B.P.C. using 45% Alcohol.
Kinderpoeier	Compound Powder of Rhubarb B.P. 1953.
Miangolie	Balsamum Peruvianum B.P.C. 1949.
Mierolie	Carbonei Disulphidum B.P.C. 1934.
Pampoensalf	Unguentum Hydrarg. Oxidi Flav. B.P.C. 1934.
Patatsalf	Unguentum Hydrargyri Oxidi Rubri B.P.C. 1949.
Pepermentdruppels	Spirit of Peppermint B.P. 1953.
Rooidefensiefpleister	Emplastrum Ferri B.P.C. 1934.
Rooilavental	Tindtura Lavandulae Composita B.P.C. 1949.
Ruitersalf	Dilute Ointment of Mercury B.P. 1953.
Rooiminie	Lead Monoxide B.P. 1953.
Sinkingsdruppels	Vinum Colchici B.P.C. 1934.
Staaldruppels	Solution of Ferric chloride B.P. 1953.
Staalpille	Pilula Ferri Carbonatis B.P. 1948.

LIST OF DUTCH MEDICINE FORMULAE.

LIST A — The undermentioned shall be the formulae for the Dutch Medicines mentioned:—

DUTCH MEDICINE	BRITISH PHARMACOPOEIA OR BRITISH PHARMACEUTICAL CODEX EQUIVALENT
Bloedstillende druppels	Tinctura Ferri Perchloridi B.P.C. 1949.
Boegoe-essens	Tinctura Buchu B.P.C. 1949.
Daipalmpleister	Emplastrum Plumbi in Massa B.P.C. 1949.
Doepa	Benzoin B.P. 1953.
Doepaolie	Balsamum Peruvianum B.P. 1948.
Duiwelsdrek	Asafoetida B.P.C. 1949.
Duiwelsdrekdruppels	Tinctura Asafoetidae B.P.C. 1949.
Grouvomitief	Prepared Ipecacuanha B.P. 1953 Standardization of dose 10 grains
Gal-en-slymmengsel	Mixtura Sennae Composita B.P. 1948.
Hartshoringoplossing	Dilute Solution of Ammonia B.P. 1953.
Hoffmannsdruppels	Spiritus Aetheris.
Kamille	Anthemis B.P.C. 1949.
Kamille-essens	A 1 in 10 tincture prepared from Anthemis B.P.C. using 45 per cent Alcohol.
Kinderpoeier	Compound Powder of Rhubarb B.P. 1953.
Miangolie	Balsamum Peruvianum B.P.C. 1949.
Mierolie	Carbonei Disulphidum B.P.C. 1934.
Pampoensalf	Unguentum Hydrargyri Oxidi Flav. B.P.C. 1934.
Patatsalf	Unguentum Hydrargyri Oxidi Rubri B.P.C. 1949.
Pepermentdruppels	Spirit of Peppermint B.P. 1953.
Rooidefensiefpleister	Emplastrum Ferri B.P.C. 1934.
Rooilavental	Tinctura Lavendulae Composita B.P.C. 1949.
Ruitersalf	Dilute Ointment of Mercury B.P. 1953.
Rooiminie	Lead Monoxide B.P. 1953.
Sinkingsdruppels	Vinum Colchici B.P.C. 1934.
Staaldruppels	Solution of Ferric Chloride B.P. 1953.
Staalpille	Pilula Ferri Carbonatis B.P. 1948.

Sterksalf	Unguentum Methylis Salicylatis Fort.
Suurdruppels	Acidum Sulphuricum Dilutum B.P.C. 1949.
Suurpoeier	Compound Powder of Rhubarb B.P. 1953.
Turlington	Compound Tincture of Benzoin B.P. 1953.
Verdwynpleister	Emplastrum Plumbi in Massa B.P.C. 1949.
Vliertee	Sambucus B.P.C. 1949.
Witdefensiefpleister	Emplastrum Plumbi in massa B.P.C. 1949.
Witdulsies	Spiritus Aetheris Nitrosi B.P.

LYS B — Hollandse medisyne (die name waarvan Afrikaanse of Nederlandse vertalings is van amptelike beskrywings of sinonieme):-

Anysolie	Oil of Anise B.P. 1953.
Antimoonwyn	Vinum Antimoniale B.P.C. 1934.
Arnikatinktuur	Tinctura Arnicae Floris B.P.C. 1949.
Balsem-Kopiva	Copaiba B.P.C. 1949.
Basilikonsalf	Unguentum Colophonii B.P.C. 1949.
Bergamotolie	Oleum Bergamottae B.P.C. 1949.
Boegoeblare	Buchu B.P.C. 1949.
Gemmer Essens	Strong Tincture of Ginger B.P. 1953.
Harpuissalf	Unguentum Colophonii B.P.C. 1949.
Jalappoeier	Jalapa Praeparata B.P.C. 1949.
Kajapoetolie	Oleum Cajaputi B.P.C. 1949.
Kaneelolie	Oil of Cinnamon B.P. 1953.
Kanfer	Camphor B.P. 1953.
Kanferolie	Liniment of Camphor B.P. 1953.
Karbololie	Oleum Phenolatum B.P.C. 1949.
Krotonolie	Oleum Crotonis B.P.C. 1949.
Naeltjieolie	Cloves Oil B.P. 1953.
Opodeldoc	Liniment of Soap B.P. 1953.
Paregorie, Paragoriese elikser	Camphorated Tincture of Opium B.P. 1953.
Pepermentessens	Spirit of Peppermint B.P. 1953.
Pepermentolie	Peppermint Oil B.P. 1953.
Rabarberpoeier	Powdered Rhubarb B.P. 1953.
Teerolie	Creosote B.P. 1953.
Witkinapoeier	Quinine Sulphate B.P. 1953.

LIST B — Dutch Medicines (the names of which are Afrikaans or Hollands translation of official descriptions or synonyms of substances).

Anysolie	Anise Oil B.P. 1953.
Antimoonwyn	Vinum Antimoniale B.P.C. 1934.
Arnikatinktuur	Tincture Arnicae Floris B.P.C. 1949.
Balsem-kopiva	Copaiba B.P.C. 1949.
Basilikonsalf	Unguentum Colophonii B.P.C. 1949.
Bergamotolie	Oleum Bergamottae B.P.C. 1949.
Boegoeblare	Buchu B.P.C. 1949.
Gemmer Essens	Strong Tincture of Ginger B.P. 1953.
Harpuissalf	Unguentum Colophonii B.P.C. 1949.
Jalappoeier	Jalapa Praeparata B.P.C. 1949.
Kajapoetolie	Oleum Cajaputi B.P.C. 1949.
Kanfer	Camphor B.P. 1953.
Kaneelolie	Cinammon Oil B.P. 1953.
Kanferolie	Liniment of Camphor B.P. 1953.
Karbololie	Oleum Phenolatum B.P.C. 1949.
Krotonolie	Oleum Crotonis B.P.C. 1949.
Naeltjieolie	Clove Oil B.P. 1953.
Opodeldoc	Liniment of Soap B.P. 1953.
Paregorie, Paragoriese elikser	Camphorated Tincture of Opium B.P. 1953.
Pepermentessens	Spirit of Peppermint B.P. 1953.
Pepermentolie	Peppermint Oil B.P. 1953.
Rabarberpoeier	Powdered Rhubarb B.P. 1953.
Teerolie	Creosote B.P. 1953.
Witkinapoeier	Quinine Sulphate B.P. 1953.

ONTSMETTINGSMIDDELS.

32. (1) Elke pakket wat 'n ontsmettingsmiddel bevat, moet 'n opskrif met drukletter D dra wat die besonderhede vermeld wat vereis word ingevolge paragrawe (a) en (c) van subartikel (1) van artikel 19 van die ordonnansie en die gebruiksaanwysings volgens paragraaf (b) van genoemde subartikel, insluitende die verhouding, sterkte of verdunning waarin dit doeltreffend is en die periode van aanraking wat nodig is vir elke verdunning om doeltreffend te wees, in albei amptelike tale met drukletter H: Met dien verstande dat enige pakket wat 'n ontsmettingsmiddel bevat wat nie 'n stof bevat wat in artikel 82 of die Vierde Bylae van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers 1928 (Wet 13 van 1928), gemeld word nie, vrygestel is van die vereistes van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 19 van die ordonnansie vir sover genoemde subartikel betrekking het op die aanbring van opskrifte op ontsmettingsmiddels met die naam en adres van die verkoper.

(2) (a) By die bepaling van die kiemdodende krag of sterktegraad van kiemdodende vloeistowwe wat vir die doeleindes van die ordonnansie onder die fenol- of kresolgroep ressorteer, is suiwer karbolsuur die eenheid of standaard en die resultaat moet as „Koëffisiënt van Karbolsuur" uitgedruk word. Die bepaling moet wees volgens die metode in Aanhangsel A voorgeskryf. (Dus beteken 'n koëffisiënt van 10 dat, soos deur hierdie metode bepaal, die vloeistof 'n kiemdoder is wat tien maal sterker as karbolsuur is).

(b) Die resultate van elke sodanige bepaling moet in die vorm vervat in Aanhangsel B, aangegee word.

(3) (a) Die toetse wat in die bepaling van die kiemdodende krag of sterktegraad van kiemdodende vloeistowwe wat onder die groep wat as kwaternêre ammoniumverbindings bekend staan, gebruik word, moet in ooreenstemming wees met die Standaardspesifikasie vir Kiemdodende Kwaternêre Ammoniumverbindings van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde wat op 24 April 1961 deur die Raad vir Standaarde goedgekeur en in Byvoegsel C van hierdie regulasies herdruk is.

(b) Die periode van aanraking vir alle kwaternêre ammoniumverbindings, soos deur die toetse bepaal, moet op die etiket van elke bepaalde verdunning wat aanbeveel word, aangebring word.

KOUGOM.

33. Kougom mag geen skadelike bestanddele bevat nie.

TABAK, SIGARE, SIGARETTE EN SNUIF.

34. Tabak, sigare, sigarette en snuif mag geen deel van enige plant buiten die tabakplant (Nicotiana) bevat nie, en mag geen skadelike bestanddele inhou nie. Die inhoud van enige pakket moet ooreenkomstig met enige verklaring op die etiket daarvan oor die aard, samestelling en oorsprong van die inhoud. Geen bepaling in hierdie regulasie belet egter die byvoeging van stramonium, lobelia of ander spesiale bestanddele tot enige artikel wat bedoel is om gerook of gebruik te word deur lyers aan asma of 'n ander siekte nie, mits hierdie toevoeging op die etiket vermeld staan.

SALWE, SMEERGOED EN POEIERS.

35. (1) Salwe, smeergoed, poeiers en dergelike stowwe wat bedoel is vir aanwending op, of gebruik vir, die menslike vel, of hare, mag geen skadelike bestanddeel bevat nie. Die inhoud van elke pakket moet ooreenstem met enige verklaring op die etiket daarvan, wat betref die aard, samestelling of oorsprong van die bestanddele.

DISINFECTANTS.

